

DIE TAALGEBRUIK VAN DIE BUYSE VAN MARA

DEUR

HESTER WILHELMINA CLAASSENS NÉE VOGES

VOORGELË LUIDENS DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

MAGISTER ARTIUM

IN DIE VAK

AFRIKAANS EN NEDERLANDS

AAN DIE

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER : PROF. W. J. DE KLERK

DESEMBER 1982

VOORWOORD

Hiermee wil ek graag my dank betuig teenoor die volgende persone:

prof. Willem de Klerk, my gewaardeerde studieleier, vir sy bekwame leiding asook vir my inwyding in veldwerkstrategie;

prof. L.J. Louwrens van die Departement Afrikatale aan UNISA vir insiggewende kommentaar op 'n vroeëre weergawe van hoofstuk drie wat handel oor Bantoe-invloed op Buys-Afrikaans;

ds. J.A. Lombard sonder wie se hulp en voorspraak by die Buyse die skryf van hierdie verhandeling nie moontlik sou wees nie;

mev. M. Robinson wat so vriendelik was om op kort kennisgewing die verhandeling te tik;

mnr. J.C. Rispel wat goedgunstiglik van sy leerlinge se opstelletjies aan my gegee het om na te sien.

H.W. Claassens
Pretoria
Desember 1982

SAMEVATTING

Hierdie studie is 'n dialektologiese ondersoek waar ingegaan word op verskillende aspekte van die dialek wat die Buyse van Mara praat.

In die eerste hoofstuk word die historiese agtergrond van hierdie dialek bespreek. In die tweede hoofstuk word besin oor hoe die verskillende kontaksituasies wat in hoofstuk een beskryf is, tot taalwisseling geleid het. Die taalwisseling wat uit kontaksituasies met Bantoetaalsprekers spruit, word in die derde hoofstuk bespreek. Die vierde hoofstuk beskryf taalverskynsels wat nie aan die invloed van Bantoetaale toegeskryf kan word nie, en in die slothoofstuk word besin oor die dialek se kanse op voortbestaan.

SUMMARY

In this study different aspects concerning the dialect of the Buys' of Mara are discussed.

The first chapter gives the historical background of the Buys group. The second chapter deals with the question of how the contact with different language groups, as set out in the first chapter, could have led to language change. In the third chapter, the language change that has taken place as a result of contact with other language groups, is discussed. In the fourth chapter, linguistic phenomena that can not be ascribed to contact with Bantu languages are discussed and in the last chapter the possibilities of the survival of the Buys dialect are examined.

INHOUD

INLEIDING	1
1. DIE HERKOMS VAN DIE BUYSE	3
2. DIE ONTWIKKELING VAN BUYS - AFRIKAANS.....	13
3. BANTOE - INVLOED OP BUYS - AFRIKAANS.....	22
4. TAALVERSKYNSELS WAT NIE AAN BANTOE - INVLOED TOEGESKRYF KAN WORD NIE	51
5. DIE TOEKOMS VAN BUYS - AFRIKAANS.....	57
BYLAE	65
BRONNELYS	67

INLEIDING

Hierdie verhandeling is 'n dialektologiese studie. Dit handel oor die taal wat deur die Buys-gemeenskap van Mara gepraat word.

Die Buysdialek is om verskeie redes belangrik:

- i) dis 'n dialek met 'n historiese tradisie;
- ii) dis 'n dialek van 'n duidelik afgebakende groep;
- iii) grootskaalse taalkontak het plaasgevind.

Daar is van die volgende veldwerkmetodes gebruik gemaak:

- i) verstekte bandopnemers,
- ii) onderhoude met segsmanne.

Die volgende segsmanne is gebruik:

Louis Buys, Kruger Buys, Elizabeth Buys, Fya Buys, Harriët Buys en Truida Buys. Al hierdie segsmanne het tot st. vier gevorder op skool. Hulle ouerdomme wissel tussen 70 en 87 jaar. Daar is op die taal van dié groep gekonsentreer omdat hulle langer aan die invloed van Bantoetale en minder aan die gelykmakende invloed van die skool en moderne kommunikasiemiddelle blootgestel is. Hulle grootste belangstelling lê by die kerk. Hulle lees die Afrikaanse Bybel en gebruik die radio hoofsaaklik om na die preke in te luister.

As 'n kontrolegroep is die volgende segsmanne gebruik:

Johanna Buys, Eddie Buys, Willem Buys en Ben Buys. Hierdie groep se ouerdomme wissel tussen 45 en 50 jaar. Hulle het tot st. ses gevorder op skool.

2.

Om begryplike redes is nie deurgaans van fonetiese skrif gebruik gemaak nie, maar is die gewone ortografie waar moontlik gebruik.

Die volgende studies oor die Buyse het al verskyn:

- i) Hofmeyr, S. 1890. *Twintig Jaren in Zoutpansberg.*
- ii) Lombard, J.A. 1977. *Die geskiedenis van sendingwerk deur die N.G.K. onder die Buysstam in Noord-Transvaal.*
MA-verhandeling: Universiteit Stellenbosch
- iii) Schoeman, A.E. 1938. *Coenraad de Buys, The first Transvaler.*

3.

HOOFSTUK 1

DIE HERKOMS VAN DIE BUYSE

- 1.1 Coenraad de Buys
- 1.2 Die Buyse se stammoeder
- 1.3 De Buys verlaat die Kolonie
- 1.4 Die verdwyning van De Buys
- 1.5 Coenraad de Buys se seuns
- 1.6 Die koms van die sendelinge
- 1.7 Die Buyse se houding verander teenoor die Swartes
- 1.8 Mara

DIE HERKOMS VAN DIE BUYSE

Mara lê ongeveer vyftig kilometer wes van Louis Trichardt teen die suidelike hang van die Soutpansberg. Om daar te kom, volg 'n mens die Vivo-Louis Trichardt-pad en draai dan af na Buysdorp wat die middelpunt van die Buys-gemeenskap is omdat die skool, poskantoor en kerk daar staan.

1.1 COENRAAD DE BUYS

Die Buyse van Mara se herkoms kan teruggevoer word na die stamvader Coenraad de Buys en sy verbintenis met Swart vroue. Coenraad was die agterkleinseun van die Hugenoot Jean du Buis van Calais. Die van het later De Buis geword en uiteindelik Buys. Coenraad is ongeveer 1761 op 'n plaas in die omgewing van Montagu gebore. Sy vader se vroeë dood in 1769 en die feit dat hy opgegroei het in 'n tyd toe daar ernstige politieke woelinge aan die Kaap was, het waarskynlik veel daarmee te make gehad dat hy so anti-regeringsgesind was.

In 1784 huur Coenraad die plaas Brandwacht anderkant die Boesmansrivier in die distrik Graaff-Reinet. Hy bots gou met die owerheid nadat hy, na 'n onwettige ruilhandel van beeste met die Xhosas, deur hulle beskuldig is van uitbuiting. Hy het ook die name op 'n petisie vervals en was agterstallig met sy belasting en huurgeld op twee ander plase. Sy verskoning waarom hy nie die huurgeld kon betaal nie, was dat hy brandarm was as gevolg van die plundering van die Swartes.

Gedurende die Tweede Grensoorlog is De Buys leier van 'n groep van tweehonderd man wat weier om die uiters onpopulêre landdros, H.C.D. Maynier, as bevelvoerder te aanvaar. Maynier skryf later in 'n eensydige verslag oor die rede vir die oorlog dat dit deur die koloniste veroorsaak is en „wel voornamentlik te worden geattributeerd aan het gedrag van den burgher Coenraad de Buys en aan de herhaalde mishandelingen door denselle aan den anderzins so beraisonneerde en vredelievende natie,

by aanhoudenheid gepleegd" (Schoeman 1938:21). Van plundering deur die Swartes maak Maynier geen melding nie.

Lichtenstein (1928, vol. 1: 261) beskryf De Buys as 'n imposante figuur van bykans twee meter. Hy was welsprekend en het 'n goeie oorredingsvermoë besit. Na die Britse oorname van die Kaap, terwyl die separatistiese administrasie in Graaff-Reinet aan bewind was, het De Buys opgetree as onderhandelaar met die Swartes en deur sy toedoen is die Swartes gekalmeer en die vrede herstel.

Kort na die Britse bewindoornname van Graaff-Reinet, is De Buys deur landdros Bresler uit die Kolonie verban omdat hy 'n sterk anti-Britse invloed op die Xhosas uitgeoefen het. In 1778 is hy deur goewerneur Macartney voëlvry verklaar voor opstokery van die Swartes langs die Visrivier en 'n prysgeld van eenhonderd riksdaalders is uitgeloof aan die persoon wat hom lewend of dood uitlewer.

De Buys wat by Gaika gaan skuil het, het besluit om met sy groep bestaande uit agt koloniste en nege drosters, sommige met vroue en kinders, na die Portugese aan die Ooskus uit te wyk. Sy geselskap is egter twee keer teruggebring deur Gaika wat bevrees was dat hulle ander stamme teen hom sou opsweep. 'n Derde keer is hulle deur die Tamboekies teruggedryf. De Buys het later berig ontvang dat hy amnestie sou kry as hy die drosters uitlewer. Hy het geweier. Ook 'n latere aanbod van amnestie deur generaal Dundas is geweier omdat hy vermoed het dat dit slegs 'n set was om hom van Gaika weg te kry.

Deur bemiddeling van De Buys het Gaika vir dr. J.T. van der Kemp van die Londense Sendinggenootskap toestemming gegee om onder sy mense te werk. De Buys het hom gehelp om 'n huis te bou en hy en sy gesin het saam met hom gaan woon op 'n stuk grond wat deur Gaika aan hulle toegewys is.

Na die oorname van die Kaap deur die Bataafse Republiek in 1803, het goewerneur Janssens aan De Buys wat weer besig was om die Swartes op te stook, geskryf om hulp te vra in sy vredesonderhandeling met die

Suurveld-Xhosas. Hy is toegelaat om na die Kolonie terug te keer en het vryskelding gekry vir sy dade. Hy het 'n plaas in die Langkloof gekry, weg van die grens waar hy probleme kon veroorsaak. Geskiedkundige bronne is onduidelik oor die voorwaardes waaronder hy die plaas gekry het.

1.2 DIE BUYSE SE STAMMOEDER

De Buys het verbintenis met verskeie Swart vroue oorkant die grens gehad en het ook meer as een vrou op dieselfde tydstip gehad. Die blywendste verhoudings was dié met die kleurlingvrou, Maria, by wie hy agt kinders gehad het en Elizabeth, 'n familielid van Moselikatsi, met wie hy formeel in 1812 in Swellendam getroud is. Uit laasgenoemde verbintenis is o.a. Gabriël in 1808, Michael in 1812, en Doris wie se geboortedatum onbekend is, gebore. Die Buyse van Mara is nasate van hierdie drie seuns.

1.3 DE BUYS VERLAAT DIE KOLONIE

In 1813 tree De Buys op as staatsgetuie in een van die hofsake van die Swart Ommegang, 'n uitvloeisel van die klagtes van Read en Van der Kemp teen die burgers. Dit het hom uiters ongewild gemaak by sy bure met wie hy twee jaar tevore in 'n twis oor water betrokke was.

De Buys het op vyftigjarige leeftyd, nadat hy vir elf jaar 'n bestendige lewe gelei het, besluit om weer die Kolonie te verlaat. Of sy ongewildheid by sy bure die oorsaak was, en of die rede was dat hy te hore gekom het dat die Kaap weer Engelse besit sou word, is nie duidelik nie. Na hy 'n rukkie in die omgewing van die huidige Beaufort-Wes gewoon het, het hy die Oranjerivier met 'n aantal Nie-Blankes oorgesteek. Van anderkant die rivier het hy aan allerhande onwettighede deelgeneem. In een stadium was hy hoof van 'n Griekwabende wat vee van Swartes gesteel het. Landdros Stockenström se pogings om hom te vang, het misluk, maar hom noordwaarts gedryf, want hy is weer eens voëlvry verklaar met 'n prysgeld van eenduisend riksdaalders op sy kop.

1.4 DIE VERDWYNING VAN DE BUYS

Oud en sieklik het De Buys uiteindelik van een stat na die ander met sy gesin geswerf in voortdurende vrees vir aanvalle deur Swartes. Op trek na Delagoabaaai is sy vrou, Elizabeth, langs die Limpopo aan geelkoors oorlede. Dit het waarskynlik na 1821 gebeur, want daar is aan Stockenström berig dat hy op dié datum by die Bamangwato's was.

Buys se seun, Michael, het vertel dat sy vader baie hartseer was na sy moeder se dood. Hy het sy kinders opdrag gegee om op daardie plek te bly, want die Blankes sou later kom. Daardie nag het hy vertrek, waarskynlik om hulp te gaan soek, en sy kinders het hom nooit meer gesien nie. (Hofmeyr 1890: 8-9).

1.5 COENRAAD DE BUYS SE SEUNS

Van die kinders wat Coenraad de Buys langs die Limpopo agtergelaat het, het slegs Doris, Gabriël en Michael uiteindelik bly lewe. Laasgenoemde het na die Bamangwato's teruggekeer. Hy is daar getroud en het 'n groep Swartes onder sy bevel gekry. (Hofmeyr 1890:9).

Die ander twee het in die omgewing van die Soutpansberg gewoon waar hulle in 1836 deur Trigardt aangetref is. Uit sy dagboek blyk dit dat die twee broers die trekker-leier en sy geselskap baie behulpsaam was op jagtogte, met stamgevegte en as tolke, aangesien hulle weens hulle lang verblyf in die binneland vertroud was met die Swart stamme se tale. Gabriël is met 'n Knopneus, genaamd Waai-Waai, na Delagoabaaai gestuur om die owerheid daar te laat weet van Trigardt se voorneme om na Delagoabaaai te trek. Gabriël moes die pad na Delagoabaaai goed geken het, want J.G.D. Bronkhorst wat saam met Potgieter op 'n verkenningspatrollie van die Vaalriver tot noord van die Soutpansberg was, sê in sy verslag dat die broers hulle ammunisie van Delagoabaaai af ontvang het. (Preller 1938:391).

In 1845 het die twee Buys-broers by Potgieter se trek aangesluit.

Hulle kinders het vee opgepas vir die Trekkers terwyl hulle as gidse opgetree het. Beide broers is vir hulle dienste aan die Trekkers beloon deurdat hulle aangestel is as hoofmanne oor Swartes. Gabriël, wat deur een van sy onderhoriges vergiftig is, se kapteinskap het oorgegaan na Michael wat intussen by hom aangesluit het. Doris wat sy kapteinskap verloor het weens onwettighede wat hy bedryf het, het op Ohrigstad agtergebly na die vertrek van die Blanke. Na Doris se dood, het Michael sy broers se kinders onder sy sorg geneem.

Die band tussen Coenraad de Buys se kinders en die eerste Trekkers het sy oorsprong in die feit dat hulle dieselfde taal gepraat het. Dat die Buyse deur die Trekkers aanvaar is en met hulle geïdentifiseer het, word bewys deur die gesamentlike kommando's en jagtgotte. Die Boere het ook later beskermend opgetree teenoor die Buyse. Wanneer opstande onder die Swartes gedreig het, is hulle betyds gewaarsku en in een stadium is hulle net betyds deur die Boere gered van 'n aanval deur Magato en sy oom Katlagter. Die Boere het die Buyse hierna saamgeneem na hulle laer op Schoemansdal en hulle van kos voorsien. Andries Duvenhage het aan hulle verblyf op sy plaas aangebied tot die oorlog oor was en het later hierdie plaas, Bethesda, baie billik aan Hofmeyr verkoop as sendingstasie. In albei Vryheidsoorloë staan die Buyse dan ook by die Boere. Tydens die Eerste Vryheidsoorlog is hulle opgekommandeer om vee by die Boerelaers op te pas. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog is hulle soos die Boere in konsentrasiekampe gesit waar hulle baie ontbeer het.

1.6 DIE KOMS VAN DIE SENDELINGE

Ten spyte van sy losse leefwyse en onwettige bedrywigheude, het Coenraad de Buys sy kinders 'n Christelike opvoeding probeer gee. Dit was waarskynlik die vernaamste rede waarom hy vir Van der Kemp voorspraak gedoen het by Gaika.

Sy seun Michael het getuig dat sy vader gereeld vir hulle uit 'n groot Bybel

gelees en met hulle oor Godswoord gepraat het. Hy het ook gereeld gebid. (Hofmeyr 1890:9).

Soos sy vader het Michael ook allerlei nie-Christelike gebruik nagevolg, maar vir sy kinders n Christelike opvoeding begeer. Hy het bv. geweier dat sy kinders meer as een vrou neem, maar hy het self drie-en-twintig vroue gehad. (Lombard 1977:36).

Die Z.A.R. het sekere reëls gehad om te voorkom dat sendingwerk as dekmantel vir opstokery gebruik word. Een van die reëls was dat geen sending toegelaat sou word om onder die heidene te werk nie tensy laasgenoemde self daarom aansoek doen. Michael wat begerig was dat die Woord aan sy kinders verkondig moes word, was die eerste persoon om so n aansoek in te dien.

Deur bemiddeling van die boer, Cornelius Lottering, wat naby Schoemansdal gewoon het, het die Skot, Alexander McKidd, in 1863 onder die Buyse gaan sendingwerk doen. Lottering het die plaas Goedgedacht as eerste sendingstasie geskenk. McKidd het Bybelonderrig gegee in Setswana, die taal van die Swartes oor wie Michael hoofman was. Michael was n flukse leerling en al sy vroue, behalwe een, het hom om rede van sy belangstelling in die Godsdienst verlaat. Nadat hy in 1869 tot bekering gekom het, is hy wettig met haar getroud.

In Februarie 1865 het S. Hofmeyr en n Kleurlinghelper, Jan Serf, as hulp vir McKidd opgedaan. McKidd is kort daarna, in April, oorlede aan malaria.

Hofmeyr en Jan Serf se komste het onteenseglik die Buyse se Afrikaans versterk en huisdaardeur het hulle n baie sterk groepsgevoel ontwikkel as gevolg waarvan hulle hulle in toenemende mate van die Swartes gedistansieer het. Hofmeyr het reeds die tweede Sondag uit die Setswana-Bybel gelees. Hoewel dit nêrens vermeld word nie, kan uit die reëling van skoolklasse en ander uitsprake afgelei word dat aparte onderrig in Hollands aan sommige gegee is. Daar was nl. n vroeëoggend- en aandklas vir werkende volwassenes. In die voormiddag was daar n dagskool wat bygewoon

is deur 53 Buys-kinders en 'n paar vroue. In die namiddag was daar 'n skool vir Swartes waarmee Andries Buys gehelp het, waarskynlik omdat hy die Swartes se taal beter as die Sendeling geken het. Woensdagaande was daar 'n Engelse klas, Vrydagaande sangklas en Saterdagaande biduur. Dit is ondenkbaar dat Hofmeyr, 'n Afrikaner, slegs Setswana en Engels sou onderrig en nie Hollands nie. Hofmeyr (1890:73) vertel ook hoe hy aan 'n vrou wat nie Hollands verstaan het nie, 'n Setswana-boek gegee het en dat sy baie ontevrede was daaroor omdat sy Hollands wou leer. In 'n brief aan die Sendingkommissie op 25 Januarie 1890, vra die Buyse wat toe reeds op Mara gewoon het, vir 'n evangelis-onderwyser en hulle stel dit duidelik dat hulle nie 'n Swarte wil hê nie omdat hulle deur Hofmeyr in Hollands opgelei is. (Lombard 1977:127).

1.7 DIE BUYSE SE HOUDING VERANDER TEENOOR DIE SWARTES

Omdat die Buyse die Boere so dikwels op kommando's behulpsaam was, het hulle verskeie voorregte geniet waarvan die belangrikste die reg was om vuurwapens te dra. Hierdie voorregte wat met die Britse anneksasie in 1871 weggeneem is, is nie weer teruggegee met die herstel van die Republiek se onafhanklikheid nie. Die voorregte wat die Buyse bo die Swartes geniet het, het hulle groepsgevoel nog verder versterk en hulle 'n meerderwaardige houding teenoor die Swartes laat inneem. Een van die groot geskilpunte wat tussen Hofmeyr en die Buyse ontstaan het, was dat hy nie tussen hulle en die Swartes wou onderskei nie en hy wou hulle ook nie help met vertoë tot die owerheid om hulle voorregte terug te kry nie. Hy wou hê hulle moes eers alle nie-Christelike Bantoegebruiken afsweer voordat hy tussen hulle en die Swartes onderskeid tref. (Hofmeyr 1890:280).

Die rusies tussen die Buyse en Swartes oor e.g. se meerderwaardige houding het uitgebrei na omliggende krale en was grootliks daarvoor verantwoordelik dat die sendingstasie wat op daardie tydstip op Bethesda was, terug na Goedgedacht moes skuif omdat dit onveilig was om op Bethesda te bly.

Die Buyse wou nou hulle eredienste in Hollands hê en ook apart van die Swartes. Die sendingwerk wat hulle op groot skaal onder die Swartes begin

doen het na 'n groot godsdienstige oplewing in 1876, wou hulle ook nie meer doen nie.

Dat Michael 'n opperste rassis was, blyk uit wat ds. C.F.J. Muller wat destyds die stasie besoek het, in die Kerkbode (1885:268) vertel. Hy vertel ook hoe Hofmeyr hom die gramskap van die Buyse op die hals gehaal het omdat hy 'n mondige Buysdogter en 'n Swarte in die eg verbind het. Hy wys daarop dat die houding van die Buyse wat hulle kinders verbied om met Swartes te trou terwyl sommige self met Swartes getroud was, daartoe gelei het dat 'n Buysdogter tot 'n val gekom het.

1.8 MARA

Uiteindelik het die gevoel tussen Hofmeyr en die Buyse so versuur dat sewe gesinne weggetrek het. Onder hulle was Michael en sy seun Andries wat Hofmeyr se getrouwe helper was met skool- en sendingwerk. Hulle het tot by die Limpopo getrek, maar hulle trekkerviere was almal van vlieqsiekte gevrek. Nadat hulle te voet op Goedgedacht aangekom het, het Hofmeyr hulle waens laat haal, maar hulle uit vrees vir onmin nie op die stasie laat bly nie. Hulle het eers op Kalkoven gebly en vandaar verskuif na die Sarakalala-rivier waar hulle vandag nog bly. (Lombard 1977:113).

In April 1888 het Michael 'n deputasie na Pretoria gelei om die grond langs die Sarakalala vir die Buyse te bekom. 'n Gebied wat 11000 hektaar beslaan, is toe aan hulle toegeken vir dienste wat hulle aan die Republiek gelewer het tydens die oorloë.¹⁾ Skaars 'n maand nadat Michael die suksesvolle deputasie gelei het, is hy in die ouerdom van 76 jaar oorlede. Die gebied is later in vier plase verdeel, nl. Buishoek, Buisdorp, Buisplaats en Mara. Die hele gebied word gewoonlik Mara genoem en die deel waar die kerk en skool staan, is bekend as Buysdorp.

1. Preller, 1938: XXXII

HOOFSTUK 2

DIE ONTWIKKELING VAN BUYS – AFRIKAANS

- 2.1 Buys-Afrikaans
- 2.2 Die oorsprong van die taalwisseling
- 2.3 Die invloed van die koms van die Voortrekkers
op die taal van die Buyse
- 2.4 Die Buysgemeenskap tans

DIE ONTWIKKELING VAN BUYS-AFRIKAANS

2.1 BUYS-AFRIKAANS

Die volgende uittreksels uit gesprekke met Fya Buys, Elizabeth Buys en Kruger Buys, sal die leser 'n idee gee van die struktuur van Buys-Afr.

- (a) „Hille gan djag hierso. Hille het gedjag mar dar was nie groot bokke. Dar was net die blesbok en deikers en die hase en so klein goedjies. Die groot beeste, die wille diere, hille was dar by die vlakte.” (Fya)
- (b) „Ja, my orlet ma haet my iets gasê van die oorlog, mar die jare en die datim ek weet nie. Dit was die ou tyd. Ek was nog djongmens. Toe trek hille hier. Van hier hille hol weg vir die oorlog. Toe trek hille Pietersberg.” (Elizabeth)
- (c) „Die brot die dominie hy breng dit sam. Annerdag hy breng sommar hallef loof. Nee, ons bed net so met Afferkans.¹⁾ Die Hollans ons ken hom nie meer nie. Ons praat net in Afferkans.” (Kruger)

In hierdie hoofstuk word gepoog om 'n verklaring te gee vir taalgebruiksverskille tussen Standaard-Afrikaans²⁾ en Buys-Afrikaans.³⁾

Daar word ook in die hoofstuk probeer om die faktore te belig wat bygedra het tot die spreiding en vaslegging van BA se struktuur. Labov (1978:2) verklaar teregt: "Not all changes are highly structured, and no change takes place in a social vacuum. Even the most systematic chain shift occurs with a specificity of time and place that demands an explanation."

1. Nee, ons bid net in Afrikaans.
2. Stewart (Fishman 1971:228) omskryf Standaardtaal so: "i.e. the codification and acceptance within a community of users of a final set of norms defining correct usage."
3. Word voortaan verkort tot BA.

Dit is dan ook die tyd- en plekomstandigheid waarin die Buyse hulle bevind het en nog bevind, waarop ingegaan word in 'n soeke na die rede vir die taalwisseling wat by hulle opval.

2.2 DIE OORSPRONG VAN DIE TAALWISSELING

Labov (1978:178) wys daarop dat taalverandering in 'n beperkte groep van 'n spraakgemeenskap begin op 'n tydstip dat die identiteit van die groep verswak is deur uit- en inwendige druk. Die druk op die groepsidentiteit van die Buyse het begin toe Coenraad de Buys in 1814 sy rug finaal op die Kaapkolonie gekeer het. Hy en sy mense het toe 'n baie klein spraakgemeenskap geword wat vir baie jare omring sou wees, en in noue kontak sou leef met Bantoetaliges. Omdat hulle van die Swartes afhanklik was vir hulle bestaan, sou hulle dié se taal moes leer praat. Uit geskiedkundige bronne is dit duidelik dat Coenraad de Buys as tolk vir Van der Kemp en Gaika opgetree het, en dat sy seuns as tolke vir die Trekkers en Swartes opgetree het. Die Buyse was dus tweetalig en wat van groot belang is, is die hoë frekwensie waarmee hulle Bantoetale gebruik het.

Weinreich (1974:1) se siening dat die lokus van taalkontak in die tweetalige individu is, word vandag allerweë aanvaar. Omdat so 'n persoon met meer as een uitdrukkingsmoontlikheid bekend is, vind versteurings plaas in beide tale wat hy gebruik. Hy wys daarop dat 'n groep met dieselfde sosiokulturele agtergrond se versteurings ooreenkoms sal toon en dat sulke versteurings groter impak as die van die individu het. Versteurings kan in so 'n taal daarop uitloop dat sprekers slegs een taal met twee uitdrukkingsmoontlikhede gebruik. Wanneer genoeg individue die sekondêre taal gebruik, kan die versteurings so 'n vaste patroon volg dat dit deel vorm van die taal. Die versteurde vorm word dan ook deur eentaliges gebruik sodat dit nie meer van die tweetaligheid van sprekers afhanklik is nie. (Weinreich 1974:22).

Dit was waarskynlik hoe die versteuringspatroon vasgelê is in die Afrikaans wat Coenraad de Buys se geselskap gepraat het. Daarby moet onthou word dat De Buys se drie seuns wat die Buyse van Mara se stamvaders geword het, 'n Swart moeder gehad het wie se taal waarskynlik ook afwykings getoon het van die Kaapse taal van daardie tyd omdat dit vir haar 'n sekondêre taal was.

Die mate waarin sprekers versteurings in hulle eie taal toelaat, hang hoofsaaklik van die volgende faktore af. (Weinreich 1974: 71-103).

- a. Die prestigewaarde wat die sekondêre taal vir 'n groep het, sal bepaal in hoe 'n mate elemente uit daardie taal in hulle eie taal toegelaat word. Die tale van die Swartes het waarskynlik nie soseer prestige-waarde vir die Buyse gehad nie, maar wel groot gebruikswaarde, aangesien hulle lewens afgehang het van die feit of hulle met die Swartes kon kommunikeer of nie. Hulle groepsidentiteit en die prestigewaarde van Afrikaans moes 'n laagtepunt bereik het na die dood van Coenraad de Buys toe die kinders elkeen hulle eie rigting onder die Swartes gegaan het en weerstand teen taalversteuring sou op daardie stadium baie laag gewees het.
- b. Die verdraagsaamheid of onverdraagsaamheid van die groep se kultuur ten opsigte van taalvermenging sal versteuring teëwerk of bevorder. Taallojaliteit wat 'n belangrike rol speel in die teëwerking van versteuring, sal verswak hoe verder sprekers van 'n kultuursentrum woon. In die geval van die Buyse was daar geen kontak met 'n eietalige groep of kultuursentrum nie en sprekers se vermoë om primêre en sekondêre tale apart te hou, sou baie laag wees. Dat die Buyse nie onverdraagsaam teenoor die Swartes se kultuur was nie, blyk uit die groot mate van akkulturasie wat plaasgevind het. Coenraad de Buys was met 'n Swart vrou getroud en so ook sy seuns na hom. Volgens Hofmeyr (1890:12) het die Buyse al die gebruikte van die Swartes oorgeneem.
- c. Die versteurings sal bepaal word deur die mate waarin die twee taalsysteme verskil. Weinreich (1974:1) verklaar: "The greater the difference between systems, i.e. the more numerous the mutually exclusive forms and patterns in each, the greater is the learning problem and the potential area of interference." Aangesien Afrikaans en die Bantoetale tot verskillende taalfamilies behoort, kan die een aansienlike versteurings in die ander veroorsaak in 'n kontaksituasie. Hierop word ingegaan in die volgende hoofstuk.

‘n Belangrike bydraende faktor tot taalverandering, was die inwendige druk in die Afrikaans van die Buyse as gevolg van die onbestendigheid in die Kaapse taal. Scholtz (1963:108) wys bv. daarop dat *hulle* i.p.v. *se* nog na meervoudseiename tot so laat as 1851 aan die Kaap gebruik is. Die se-vorm is dan ook vandag een van die vorme in BA wat verskil van Standaard-Afrikaans.

2.3 DIE INVLOED VAN DIE KOMS VAN DIE VOORTREKKERS OP DIE TAAL VAN DIE BUYSE

Die komis van die Voortrekkers met hulle lewenspeil wat hoër as die van die Swartes was, het die druk op die taal van die Buyse waarskynlik aansienlik verlig. Hulle eie taal sou vir hulle groter prestigewaarde verkry het en sou ook gevoed word deur kontak met die Trekkers. Deur hulle taal het hulle ‘n groter verbondenheid met die Trekkers gevoel wat hulle vir die Trekkers en téén die Swartes laat kant kies het. Die komis van die Afrikaanse sendeling, Hofmeyr, moes ook ‘n aansienlike bydrae tot die verhoging van die prestigewaarde van Afrikaans gelewer het.

Die Buysbroers is almal deur die Transvaalse regering as opperhoofde oor Swartes aangestel om hulle te beloon vir dienste wat hulle aan die Voortrekkers gelewer het. Die bordjies was nou verhang; hulle was nie meer afhanklik van die Swartes vir hulle voortbestaan nie, en gevoglik sou die Swartes se taal se prestigewaarde gedaal het in verhouding tot die van hulle eie taal wat ook die taal van die Boere was wat hulle as die meerderes van die Swartes beskou het. Een van die belangrikste maniere waardeur dit getoon was, was die eis om aparte kerkdienste in Hollands wat nie deur die Swartes verstaan is nie. Dit is in ooreenstemming met Gumperz se bevinding dat taal een van die belangrikste instrumente is waardeur prestige-groepe hulle van ander groepe onderskei. (Burling 1970:103-116).

Ten spyte van hulle distansiëring van die Swartes, moet ‘n mens die sosio-linguistiese omstandighede in ag genome, aanvaar dat die Buyse se taal reeds ‘n mate van onvastheid getoon het toe Trigardt hulle raakgeloop het. Trigardt maak ongelukkig nie melding van hulle taalgebruik nie. Dit is

moontlik 'n aanduiding dat die afwykings nog nie opvallend was nie. Daar moet egter onthou word dat Voortrekker-Afrikaans self aansienlike variasies getoon het, en dat Trigardt dit daarom miskien nie ongewoon gevind het dat die Buyse ander vorme as hy self gebruik nie.

2.4 DIE BUYSGEMEENSKAP TANS

Soos hulle voorouers, leef die Buyse ook in noue kontak met die Swartes. Dis die enigste ander groep met wie hulle daaglik kontak het, want hulle arbeiders is Swartes uit die omgewing. Die toestand vir taalbeïnvloeding bly dus gunstig.

Daar woon tans 399 Buyse op Mara.¹⁾ Soos hulle voorvader, Michael, is die Buyse vandag nog baie gesteld op hulle groepsidentiteit. Persone wat met Swartes trou, word nie toegelaat om op die plaas te bly nie en Swartes se kinders word na 'n skool vir Swartes wat op Mara is, verwys. Die Buyskinders leer Afrikaans en Engels op skool, maar weens die voortdurende kontak met Swartes is die meeste vlot in Noord-Sotho²⁾ en/of Venda. Die kinders toon ook 'n groot voorliefde vir die musiek van die Bantoe-talige radiosenders en luister dikwels daarna.

Die Buyse is 'n baie hegte sosiale groep en vreemdelinge word met groot agterdog bejeën. Wanneer 'n jongman gaan ouers vra, word hy soms nie net deur die ouers gekeur nie, maar ook deur die grootouers, tantes en ooms.

Die gewone Afrikaanse verwantskapsterme word ook hier gehoor. *Pa* en *ma* word dikwels met 'n kort klinker geartikuleer. *Miggie* word uitgespreek as *neggie*. Vir *oom* word die verkleiningsvorm *oompie* gewoonlik gebruik en *antie* word deurgaans i.p.v. *tannie* gebruik. Dit is baie algemeen dat 'n ouer as hy van sy kinders praat, die verkleiningsvorm gebruik al is hulle ook volwassenes wat reeds self kinders het.

1. 82 kinders onder skoolgaande ouderdom, 139 skoliere, 102 volwassenes en 76 mense bo die ouerdom van vyf-en-sestig jaar
2. Voortaan verkort tot NS.

Soos die Afrikaner se voorgeslagte, was die Buyse lief om familiename te gee. Bekende familiename is *Gabriël*, *Michael*, *Coenraad*, *Jan*, *Kerneels* en *Elias*. Baie van die familiename is Bybelname soos *Daniël*, *Gideon*, *Samuel*, *Petrus* en *Josef*. Die algemeenste vrouename is *Elizabeth*, *Anna*, *Koba*, *Katrina*, *Fya* en *Truida*. Van die interessantste vrouename is *Messelina*, *Salfie* en *Trane*. Die naam *Trane* het ontstaan toe 'n moeder kort na die dood van haar eerste kind tydens die griepepidemie van 1918 weer 'n dogtertjie gehad het. Daar is op die oomblik drie geslagte met die naam. Oor die oorsprong van die naam *Salfie*, het niemand sekerheid nie, maar *Messelina* se naam vertel ondubbelzinnig wat haar vader se beroep was.

Die Buyse het in die verlede ook nie nagelaat om hulle helde te vernoem nie. Dat die boere-generals en president Kruger baie hoog aangeskreve gestaan het, getuig name soos *Cronje Buys*, *Beyers Buys* en *Kruger Buys*. Die naam *Stefanus* kom van hulle eens geliefde sendeling, Hofmeyr.

Name soos *Kaba*, *Salem*, *Smael*, *Alie* en *Abiba* het hulle oorsprong in Buyse se ondertrouery met Indiërs. Waar *Kantie* in so 'n gesin vandaan kom, is egter duister.

Die egpaar Da Gama het hulle kind die geskiedkundig-passende naam *Vasco* gegee. Sedert die begin van die sestiger jare is daar 'n neiging om "mooi" name wat dan gewoonlik Engels is, te gee. Onder die jongste dopelinge was daar *Neil Armstrong*, *Chantelle*, *Mervin* en *Pearly*. Wanneer 'n Buysbaba gedoop word, staan die getuies saam met die ouers voor die kansel.

Byname is skaars onder die Buyse. Daar is enkeles soos *antie Sierpap* (suurpap), *antie Kwaai*, *Koos Modderjas*, *Piet Bles* en *Piet Stompie*. In plaas van byname soos die laaste twee te gebruik om mense met dieselfde naam te onderskei, word na die persoon se pa verwys, bv. *Michael van oom Daniël* of *Michael van oom Piet*. Die gebruik stam uit die vroeë tyd toe die drie stamvaders *Gabriël*, *Michael* en *Doris* se kinders so van mekaar onderskei is.

Naas Buys is die bekendste vanne *Knight*, *Glade*, *Cautiers*, *Da Gama*, *La Grange*, *Cohen*, *Weston*, *Kaba* en *Slabber* (< Slabbert). Die vanne *Knight* en *Glade* is vroeër verafrikaans. Die vanne *Knight* word tot 1926 in die doopregister gespel as *Nijt*.

22.

HOOFTUK 3

BANTOE – INVLOED OP BUYS – AFRIKAANS

- 3.1 Inleiding**
- 3.2 Leksikale versteurings**
- 3.3 Foniese versteurings**
- 3.4 Grammatiese versteurings**
- 3.5 Slot**

BANTOE-INVLOED OP BUYS-AFRIKAANS

3.1 INLEIDING

Weinreich (1974:93) wys daarop dat geloofsverskille 'n beperkende invloed uitoefen op taalkontak en -versteuring. Daar is reeds beskryf hoedat die Buyse, nadat hulle die Christelike geloof aanvaar het, 'n sterk groepsgevoel ontwikkel het. Hierdie groepsgevoel het wel 'n uiters behoudende invloed gehad op die Afrikaans wat hulle gesprek het, maar geen taal is op die lange duur teen versteurings bestand in so 'n noue kontaksituasie as wat die geval met BA en Sotho was nie.

Deskundiges verskil oor die mate van versteuring wat in 'n taal kan plaasvind. Volgens Jacobson sal 'n taal slegs vreemde elemente opneem as dit ooreenstem met sy latente neiging tot ontwikkeling. Dit kom volgens Weinreich daarop neer dat die taal wat invloed uitoefen, slegs 'n proses verhaas wat in elk geval vroeër of later sou plaasvind. (Weinreich 1974:25).

Hockett (Greenberg 1978:5) verklaar dat "even features that do not diffuse readily, may spread from one language to others when speakers of the languages go through a long period of intimate contact." Linguiste soos Butlers (1967) en Labov (1970) sluit aan by die siening. Hulle is van mening dat 'n opsionele reël (genoem 'contingency rule, variable rule, extention rule') universeel is. Hierdie reël is verantwoordelik vir die sinne van 'n gegewe dialek uit 'n kerngrammatika wat al die dialektes van daardie taal kan beskryf. So 'n kerngrammatika van Afrikaans sou bv. reëls bevat soos die passieftransformatie, terwyl reëluitbreiding sal plaasvind om bv. die weglatting van die onbepaalde lidwoord in die Buysdialek te verklaar. Dit is interessant dat baie versteurings in BA soos die wat vervolgens bespreek word as komende van Bantoe-invloed, ook deur Rademeyer (1938) in Griekwa- en Rheobottaal opgeteken is.

3.2 LEKSIKALE VERSTEURINGS

3.2.1 Weinreich (1974:56) wys daarop dat "lexical borrowing is less restricted to the bilingual portion of a language community than phonic or grammatical interference."

Dit is dus opvallend dat suiwer leksikale oordrag waar die teenwoord fonologies onveranderd oorgedra is, nie by die Buyse voorkom nie.

3.2.2 Die gebrek aan suiwer leksikale oordrag is waarskynlik kultuur-histories en tweeërlei van aard.

- a) Die Buyse soos die Swartes het 'n pastorale agtergrond. Een van die belangrikste oorsake van leksikale ontlening, nl. leemtes in die leksikon, het grootliks ontbreek.
- b) Toe die Buyse hulle van die Swartes begin distansieer het, het hulle ook al die herkenbare teenwoorde uit die Bantoetale geweer. Dat dit wel die geval is, is bevestig deur een van die oudste Buyse, mev. Fya Buys.

3.2.3 IDIOMATIESE UITDRUKKINGS

Leksikale oordrag word by die Buyse gevind in idiomatiese uitdrukkings uit Bantoetale. Omdat hierdie uitdrukkings in 'n gewaad van Afrikaans geklee is, is die meeste Buyse nie eens bewus daarvan dat hulle vorme gebruik wat vreemd is in Standaard-Afrikaans nie. Vgl. 1):

BA: *Hy het haar gavang by die kjeel*
 NS : 0 *mo swere ka mogolo*
 AB-Afr.: *Hy het haar aan die keel gegryp/gevang.*

BA: *Dis die tyd van die kerk*
 NS: *Ke nako ya kereke*
 AB-Afr.: *Die kerk begin.*

1. Al die Bantoetaal-voorbeelde wat in hierdie studie gebruik word, is Noord-Sotho.

BA: Sy lees *met* Afferkans

NS: O bala *ka* Sekgowa

AB-Afr.: Sy lees Afrikaans

BA: Ek sit *vir my* daar

NS: Ke a itulela

AB-Afr.: Ek sit alleen

BA: Jy voel *jou* ongalukkig

NS: O ikwela bohloko

AB-Afr.: Jy voel ongelukkig

BA: Toe bly ek mar *vir my* stel

NS: ka ikhomolela (*i-* = *myself*
-el- = *vir*)

AB-Afr.: Toe bly ek maar stil

BA: Dar was siekte *tissen* helle

NS: Go be go na le bolwetsi *gare ga* bona

AB-Afr.: Daar was siekte onder hulle

BA: Helle *ken om te werk*

NS: Bona ba *tseba go sòma*

AB-Afr.: Hulle kan werk

Die *Etymologische Woordenboek van Van Wijk* sê t.o.v. *kunnen* (Nd1.) en *connen* (Mnl.) : „De oudste en in sommige talen de eenige bet. is 'geestelike kunnen, kennen, weten'. Secundair is de in verschillende talen voorkomende bet. *in staat zijn*, *vermogen*, die oorspronkelijk aan *mogen* toekwam.“¹⁾ Verdam se *Middelnederlandsch Handwoordenboek* gee o.a. die betekenis van *connen* aan as *ken* met die voorsetsels *aan*, *van*, *te* en *met*. 'n Mens sou dus kon redeneer

1. Eie kursivering

dat die Buyse *ken*, in die uitdrukking *ken om te werk*, in die sin van die oudste betekenis van die woord gebruik. Die feit dat *ken* egter in hierdie uitdrukking huis deur *om te*, d.w.s. die infinitief, gevvolg word, (wat tipies NS is), wys suwer Sotho-invloed.

Die manier van groet is volgens Bantoe-gebruik. Op die vraag hoe dit gaan, is die antwoord:

ek/hy/hulle/ons es (is)

Vgl. NS: Re gona.

Die inisiasie wat by jong Swart kinders gebruiklik is, kom nie by die Buyse voor nie. Tog is *mondig* vir die ou mense sinoniem met die ouderdom wanneer 'n jong Swart kind die inisiasie-proses deurmaak. 'n Ou man vertel bv.: „*Toe was ek al amper mondag, amper twalf!*“ (twaalf)

Wanneer 'n paartjie trou, moet die man aan die bruid se gesin 'n bedrag geld betaal. Alhoewel hierdie geld vir die bruilof aangewend word, herinner dit sterk aan die *tobola* van die Swartes. Die woord *trou* word in die Bantoe-idioom gebesig. Daar word op verskillende manier na 'n persoon se troue verwys, afhangende of die persoon na wie verwys word manlik of vroulik is. Vgl.: *As jy nog anderdag wil getrou word, jy moet jou mooi oppas, ja.* ('n moeder se woorde aan haar dogter)

Die vrouens wat hy vat, lyk my hille kry ok nie kinners nie.
('n Moeder praat oor haar seun se vrouens.)

In die Sotho-idioom word 'n *meisie getrou*, maar 'n *man vat vrou*.

Die volgende uitdrukings is almal volgens die NS-idioom.

Ek het net wek klargemak. (net 'n week gebly)

Die woord wat hy eitgahal het. (wat hy gesê het)

Het gesê om te sê. (Dit beteken *het gesê* en stem ooreen met NS *O itše go re*)

Die saak is te swaar. (ingewikkeld)

Soos NS-sprekers vermy die Buyse die gebruik van die woord *dood*.

Vgl. die volgende eufemismes:

Toe gaan hy sommar weg. (skielik dood)

Hulle het vergaan. (verdrink)

Hy's onner die grond.

Hy's klar. (*Klaar* verwys hier na die dood van 'n dier)

Vgl. NS-eufemismes soos:

O sepetše : Hy is weg/Hy het geloop.

O hlokokofetše: Hy het weggeraak.

3.3 FONIESE VERSTEURINGS

Anders as in die geval van leksikale items, kan foneme 'n taal maklik binnesyypel omdat hulle nie van 'n gemeenskaplike woordeskat afhanklik is nie, maar op onverwante woorde toegepas kan word. (Weinreich 1974:24).

Daar moet in gedagte gehou word dat die kinders van Coenraad de Buys met Swartes getroud was en dat ondertrouery of huwelike met Blanke om die groep "wit" te hou, eers lank na Hofmeyr se komst deur Michael afgedwing is. Die Swartes met wie die Buyse getrou het, moes dus Afrikaans leer. Hulle sou soos enige ander persoon wat 'n vreemde taal leer, probeer het om hulle las ligter te maak deur die doelstaal te vereenvoudig.

Die algemeenste manier om dit te doen, is soos volg:

- i) die gebruik van intonasie en woordaksent van die primêre taal;
- ii) die gebruik van klanksubstitusie.

Klanksubstitusie is die identifikasie van 'n foneem in die doelstaal met een in die primêre taal (wat ooreenkomslike eienskappe besit) en die weergawe daarvan volgens die fonetiese reëls van die primêre taal. (Weinreich 1974:14). Waar een taal 'n blindekol toon t.o.v. 'n foneem in die ander taal, word die foneempatroon van die primêre taal gevolg. NS het 'n blindekol t.o.v. die Afrikaanse vokale /ə/, /y/, /ø/, /œ/ en -diftonge. In teenstelling met Afrikaans wat lang en kort vokale het, is NS-vokale inherent kort. Die Afrikaanse konsonante sonder fonetiese teenhangers in NS is /x/, /c/, /b/, /d/, /f/, /v/ en /h/. (Kruger 1965:61). As Bantoe tale, en veral Noord-Soto waarmee die Buyse die afgelope eeu

noue kontak gehad het, enige invloed op BA gehad het, verwag n mens dat dit minstens in omgewings waar hierdie foneme optree, sal wys.

Die foniese en grammatische versteurings in BA wat in hierdie hoofstuk bespreek word, is soortgelyk aan dié wat voorkom by Bantoetaalsprekers wat Afrikaans nie goed beheers nie en het waarskynlik n oorsprong in die Afrikaans van die Buyse se Swart voorouers. Die versteurings is dus in n groot mate oorgeërf, maar is ook, en word nog steeds versterk deur die Buyse se daaglike kontak met, en intieme kennis van NS.

3.3.1 VOKAALVERSTEURINGS

3.3.1.1 Vokaalalternasie

Die wisseling /ə/ > /a/ kom by sprekers van alle ouerdomme voor.

3.3.1.1.1 Die wisseling /ə/ > /a/ vind plaas in die volgende gevalle:

- (i) *ge-* > *ga-* bv. *gakom*, *gamak* (gemaak)
- (ii) *-ig* > *-ag* bv. *galukkag*, *trerag* (treurig)
- (iii) *batal* (betaal) *ravier* (rivier)

3.3.1.1.2 Die wisseling /ə/ > /ɛ/ vind plaas by

- (i) die uitgang [-lək], bv. [muilek], [siklek];
- (ii) beklemtoonde lettergrepe, bv. [aprel], [den], [venter] x [venter].

3.3.1.1.3 Die wisseling *ge-* > *ga-* is die enigste van die foneemwisselings wat in dié hoofstuk bespreek word, wat n vaste reël by sommige sprekers is.

Die oorgang van /ə/ tot /a/ en /ɛ/ is natuurlik nie onbekend in Afrikaans nie. n Vorm soos *ravier* kom ook in die Kaapse stukke van voor 1800 voor, en die wisseling *-ig* > *-ag* kom selfs by AB-sprekers voor in die gebruik van kragwoorde soos *magtag* en *wragtag*.

Die feit dat hierdie verskynsel kenmerkend is van die Afrikaans van sprekers met n Bantoetaal as primêre taal (vgl. Kruger 1965:35)

en die feit dat dit so wyd verbreed is dat die morfeme geraak word,¹⁾ laat die vermoede ontstaan dat 'n groter invloed as slap artikulasie hier werksaam is. Hierdie invloed is waarskynlik die van Bantoetale wat nie 'n /ə/ - foneem het nie. Bantoesprekers substitueer dus 'n foneem van hulle eie taal vir die /ə/ van Afrikaans.

Slawe- en Hottentot-Afrikaans wat in vroeë Kaapse geskrifte voorkom, toon dieselfde wisseling. (Scholtz:102²⁾). Volgens Rademeyer (1938) is dit ook kenmerkend van Griekwataal. Die oorsaak van hierdie wisseling by die onderskeie groepe en ook by ongeletterde Blankes, is gewoonlik gesien as slap artikulasie. Al die betrokke groepe was egter juis die mense wat die beste geleentheid gehad het om noue kontak met Bantoesprekers te hê; die Blankes miskien aanvanklik meer indirek via die ander genoemde groepe. Die moontlikheid bestaan dus dat Bantoe-invloed t.o.v. hierdie wisseling verder kan strek as BA .

Die vermoede dat die wisseling /ə/ > /a/ sy oorsprong het in die feit dat Bantoetale 'n blindekol t.o.v. die Afrikaanse /ə/ het, word versterk deur die wisseling van /ə/ > /ɛ/ en die feit dat die onbetoonde /ə/ by woordauslaut dikwels wegval.³⁾ Vgl.

[mədəsəine] > [medəsein] x [medesen]⁴⁾
 [xəborə] > [xbɔr]
 [vətmənse] > [vətməns]
 [kəuə] > [kəu] (attributiewe adj.)
 [ɔrlədə] > [ɔrlət] x [ɔrlət]

1. Volgens Dauzat word die morfologie laaste aangetas in 'n kontaksituasie. (Weinreich 1974:103)
2. Afrikaans uit die vroeëtyd.
3. Rademeyer het dit by die Griekwas ook gevind.
4. Engelse invloed of monoftongering kan hier werksaam wees. Vgl. par. 3.3.1.2.2.2 oor monoftongering.

Die verlies van die onbetoonde /ə/ by woordauslaut is natuurlik nie onbekend in die ontwikkeling van Afrikaans nie. Vgl. MnL. *ziele* > Ndl. *ziel* en Ndl. *werke* > Afrikaans *werk*. Hierdie verlies strook egter nie vandag met AB-Afrikaans nie en herinner sterk aan die Bantoetale waar 'n slotvokaal nie prominent geartikuleer word nie, maar gefluister word sodat dit vir die oningevede klink asof die vokaal ontbreek.¹⁾ Aanduidings dat die spreker wat 'n Bantoetaal nie goed ken nie, die gefluisterde slotvokaal waarskynlik nie hoor nie, blyk daaruit dat die

Blankes sê: *umfaan* i.p.v. *umfana* (seun)

Dingaan i.p.v. *Dingane*

maketaan i.p.v. *makatane* (konfytwaatlemoen)

Soms gebruik die Blankes wel die auslautvokaal, bv. NS *morula* > *maroela* in Afrikaans.

3.3.1.1.4 'n Teenoorgestelde wisseling, nl. /ɛ/ > /ə/ kom by sommige sprekers voor. Vgl. [æk], [mət], [hət], [vət], [ənəls], [fəx], [kən], [nət], [ɔmtrənt], [xəsəlskap], [sərtəfikat], [rəxtəx], [plək] en [təmpəl] vir *ek*, *met*, *het*, *wet*, *Engels*, *veg*, *ken*, *net*, *omtrent*, *geselskap*, *sertifikaat*, *regtig*, *plek* en *tempel*.

Hierdie wisseling was reeds in MnL. bekend, kom ook in Ndl. en ander Afrikaanse streektale voor, en is waarskynlik gedra deur die taal van die Buyse se voorvader, Coenraad de Buys. Hoewel NS in hierdie wisseling duidelik geen rol speel nie, word dit hier genoem omdat sprekers dit (waarskynlik onbewustelik) gebruik om homonimie wat ontstaan deur die wisseling /ə/ > /ɛ/, uit te skakel.

Sprekers wat *wit* uitspreek as *wet* (/ə/ > /ɛ/) spreek meestal *wet* uit as *wit* (/ɛ/ > /ə/). Gevalle van homofone kom wel voor.

Die vorm *gabed* word bv. deur sommige sprekers gebruik vir die AB-vorme *gebed* en *gebid*.

1. Ek dank hierdie inligting aan prof. L.J. Louwrens.

Kan, *ken* en *kin* loop by sprekers van alle ouerdomme deurmekaar. Dit is nie te sê dat die persoon wat een vorm, bv. *ken* i.p.v. *kan* gebruik, dit konsekwent sal doen nie of dat daardie spreker *kin* i.p.v. *ken* sal gebruik nie. Vgl. die wisseling by een baie ou spreekster:

Ek *ken* enklik. (*kan* eintlik)
 Ek *ken* neks vir dans. (*weet* nik van dans nie)
 Ek *kan* neks want my ma het gou gasterf. (ek *weet* nik)
 Ek *kin* vir mevrou sê. (*kan*)

3.3.1.2 ONTRONDING

Hoewel ontronding geen vreemde verskynsel in Afrikaans is nie, het dit by die Buyse al in so 'n mate by die vokale deurgewerk dat sommige geronde diftonge na monoftonge begin verander.

3.3.1.2.1 MONOFTONGE

Die feitlik totale ontronding van geronde monoftonge in BA is waarskynlik aangehelp deur die feit dat NS waarmee die Buyse daagliks kontak het, geen /y/, /ø/ of /œ/ besit nie.

Vgl. by die Buyse : /y/ > /i/ bv. *uur* > *ier*

/ø/ > /e/ bv. *seun* > *seen*

maar /œ/ word nie soos gewoonlik in swak artikulasie /ə/ nie.

ε	-burg >-[bərx], hulle > [hɛlə/hɛlə]
/ œ / >	terug > [trəx] x [trəx], hulle > [hələ]
ɔ	Augustus > [axəstəs]
a	municipaliteit > [masipalitet]

Kruger (1965:33) wys daarop dat die NS-spreker die Afrikaanse /œ/ vervang met /e/, /ɔ/ en /a/ wanneer Afrikaanse woorde met hierdie foneem in NS opgeneem word.

3.3.1.2.2 DIFTONGE

NS het geen fonetiese teenhangers vir die Afrikaanse diftonge

nie. Vokale is in NS sillabies. Dit beteken dat 'n enkele vokaal 'n sillabekern vorm. Kruger (1965:38-44) wys daarop dat Afrikaanse diftonge wat bestaan uit foneme met teenvoeters in NS, gewoonlik net so oorgeneem word, maar oor twee sillabes versprei word, bv. /a:i/ > /a+i/. Diftonge wat bestaan uit segmente sonder fonetiese teenhangers in NS-foneme, word of deur 'n monoftong vervang wat een of meer fonetiese eienskappe van een van die diftongsegmente het (bv. /œy/ > /u/), of dit word vervang deur 'n reeks foneme waarin die fonetiese eienskappe van die segmente van die diftong gedeeltelik vervat is, bv. /œi/ > /e + i/, /œy/ > /o + i/

Die diftonge wat versteuring toon in BA is /ou/, /œy/ en /œi/

- 3.3.1.2.2.1 /ou/ word (i) volgens AB-uitspraak geartikuleer
 of (ii) twee-sillabies uitgespreek, bv. vrou >[fróu]
 of (iii) dit word 'n monoftong, bv. vrou >[fru].

Wanneer /ou/ as monoftong /u/ geartikuleer word, word hierdie /u/ laer as normaalweg in AB die geval is, maar hoër as /o/, geartikuleer. In NS is daar 'n reël waarvolgens 'n hoë vokaal by woordauslaut die vokaal in die voorafgaande lettergreep verhoog.¹⁾ In 'n woord soos vrou, sal die u sillabies wees en die /o/ verhoog tot /u/. Dit verklaar moontlik die monoftongering en waarom die /ou/ in BA nie tot /o/ verander nie, maar wel tot /u/.

- 3.3.1.2.2.2 /œi/ word (i) soos in AB geartikuleer
 of (ii) twee-sillabies uitgespreek, bv. [bœibœl] (Bybel)
 of (iii) dit word 'n monoftong, bv. [fri] (vry)

Dieselfde reël wat t.o.v. /ou/ > /u/ werkzaam is, tree hier op. In die twee-sillabiese uitspraak /e + i/ verhoog die vokaal /i/ by woordauslaut die /e/ tot /i/. 'n Monoftong

1. Ek dank hierdie inligting aan prof. L.J. Louwrens.

wat geartikuleer is tussen /e/ en /ɛ/ van Standaardtaal, is ook i.p.v. die /i/ gehoor.

3.3.1.2.2.3 /əy/ > /əi/ > /i/

Die in Afrikaans bekende ontronding /əy/ > /əi/ vind plaas en daarna vind die monoftongering plaas.

Vgl. /həys/ > /həis/ > /his/

3.3.1.3 VOKAALVERKORTING

3.3.1.3.1 Naas die wisseling /ə/ > /a/ en ontronding, is vokaalverkorting die opmerklikste en verbreidste vorm van klankwisseling in BA.

Vgl. tafel > *taffel*
 gooï > *goi*
 praat > *prat*
 kamer > *kammer*
 water > *watter* (Die vorm kom by sprekers van alle ouderdomme voor)
 stoof > *stof* (Dis eintlik klinkerverandering).

Die invloed van NS wat inherent nie lang vokale het nie, speel duidelik 'n rol hier. Kruger (1965:28-31) noem dit dat NS-sprekers die onderskeid tussen lang en kort vokale ophef by transfonologisasie van Afrikaanse woorde. Hy wys ook daarop dat die Afrikaanse /o/ dikwels /ɔ/ word by NS-sprekers. (Vgl. hierbo: stoof > *stof*). Volgens hom is daar 'n verskil in die artikulasie van die Afrikaanse /e/ en /o/ en hulle teenhangers in NS. Hoewel /e/ in beide tale beskryf word as 'n middelhoë voorvokaal en /o/ as 'n middelhoë agtervokaal, word die NS-vokale effens hoër uitgespreek as die van Afrikaans.¹⁾ Hierdie verskil in die artikulasie van /e/ en /o/ in NS en Afrikaans bied moontlik 'n verklaring vir die voorkoms van vorme soos *gawies* < gewees,

- Alle vokale in die Bantoetale lê nader aan die kardinale lyne as die Afrikaanse vokale.

wiet < *weet*, *gadoep* < *gedoop*, *stoet* < *stoot* wat met 'n verkorte vokaal geartikuleer word en wat soms i.p.v. die verwagte vorm met die verkorte /e/ of /o/ gehoor word.

De Villiers (1973:60) wys daarop dat /e/ en /o/ dikwels in Afrikaans as /i/ en /u/ vertolk word omdat hierdie vokale by verkorting van timbre verander. Dressler (1971:343) wys op uitsprake van verskeie linguiste oor die onstabilitéit van /e/ en /o/ in Indo-Europese tale.

Of hierdie verhoogte vokale in BA in NS-invloed of in 'n inherente neiging in Afrikaans gesoek moet word, is moeilik te bepaal. Dat die oorsprong nie lê in die Afrikaans wat deur sekere Kleurlinge in die Kaap gebesig word en waarmee dit 'n ooreenkoms toon nie, is gewis. Die Buyse het geen kontak met Kaapse sprekers gehad nie en as die verskynsel sy ontstaan het in die taal van Hofmeyr se helper, Jan Serf, of die van die Buyse wat Hofmeyr op 'n keer na die Kaap vergesel het, sou dit veel meer verbreed voorkom as wat wel die geval is.

3.3.1.3.2 Nasalering wat klinkerreiking veroorsaak, kom nie by die Buyse voor nie hoewel dit gewoonlik in streektale voorkom. Die feit dat nasalering nie in NS voorkom nie, kan moontlik die oorsaak wees.

3.3.1.3.3 Hoewel vokaalverkorting by alle Buyse voorkom, is by enkele sprekers die volgende gevalle van vokaalrekking gehoor:
vandaag (vandag)
aalmal (almal)
waas (was)

E.g. is 'n argaïese vorm, maar vir die laaste twee kan geen verklaring gevind word nie as dat dit hiperkorreksies is.

3.3.1.4 Vokaalinvoeging word nie dikwels gehoor nie, maar die gevalle wat wel gehoor is, stem ooreen met die wat gehoor word by Bantoe-

taalsprekers wat Afrikaans onvolkome beheers. Vgl.

[xərəɪs] x [xərəise] (gruis)
 [hələf] x [haləfe] x [haləvə] (halwe)
 [xərip] (griep)

Vgl. dieselfde woorde na transsistematisasie na NS. (Kruger 1965:100) :

/xéré̯sə/, /há̯lē̯ɸø/, /xéríp̯/

3.3.2 KONSONANTVERSTEURINGS

- 3.3.2.1 Konsonantversteurings is nie so opvallend soos vokaalversteurings by die Buyse nie. Die rede is waarskynlik omdat daar vir Afrikaanse konsonante wat nie teenhangers¹⁾ in NS het nie, gesikte substitute, d.i. foneme met sekere korrelatiewe eienskappe, bestaan. So word die stemhebbende bilabiale /b/ van Afrikaans in NS-leenwoorde deur die bilabiale frikativ β vervang. (Kruger 1965:56). Dressler (1971:346) verklaar t.o.v. fonemiese gapings wat een taal t.o.v. 'n ander vertoon, dat dit 'n foneem toelaat "to display all its allophones; in reality as in shown by drag-chains, the paradigmatic relations between sounds are satisfied by a notion of phonetic space."
- 3.3.2.2 Die enigste versteuring wat opval t.o.v. konsonante sonder fonetiese teenhangers in NS is /h/ wat /j/ word. Vgl. *jekel* vir *hekel* en *jemel* vir *hemel*. Hierdie wisseling word ook in ander Afrikaanse streektale aangetref en kan nie aan Bantoe-invloed toegeskryf word nie.
- 3.3.2.3 By die verkleiningsuitgang kom [k]-vorme naas [c]-vorme voor, bv. *biekie* x *bietjie*, *mannekie* x *mannetjie*. Dit is te betwyfel of NS-invloed 'n rol speel in hierdie [k]-vorme omdat

1. Met teenhanger word bedoel 'n foneem wat t.o.v. sy fonetiese kenmerke grootliks ooreenkoms met 'n foneem in 'n ander taal.

dit in ander streektale voorkom en die /c/, en nie /k/ nie, by die meeste Buyse voorkom voor /e/ en /ɛ/ bv. [cərk] (kerk), [cel] (keel), [cənt] (kjent < kind).

- 3.3.2.4 Die ortografiese *j* van Afrikaans soos in *jy*, korreleer foneties met die ortografiese *y* van Sotho soos in *-ya* (gaan). Beide is dus foneties [j]. Sotho se ortografiese *j* soos in *-ja* (eet) is foneties [z] en in sommige noordwestelike dialekste [dz]¹⁾. Dit kon by die Buyse aanleiding gegee het tot 'n verwarring tussen die Afrikaanse *j* (foneties: [j]) en Sotho se *j* (foneties: [z] x [dz]).

Vgl. [dzax] x [jax]
 [dzar] x [jar]
 [dzɔŋmens] i.p.v. jongmens

By die vnwe. word die affrikatisering van /j/ net by middeljariges en kinders aangetref. Dit dui daarop dat die taal van die Buyse heelwat drift vertoon.

3.4 GRAMMATIESE VERSTEURINGS

3.4.1 LIDWOORDE

- 3.4.1.1 Die onbepaalde lidwoord ontbreek dikwels in die taal van die ouer Buyse. Vgl. *Dars nie taffel nie.* ('n tafel)
Ek het bok gahad.
Ek sal net wek klarmak.. (na 'n week sal ek)

Dit lyk baie waarskynlik dat NS wat geen lidwoorde het nie, hier invloed uitgeoefen het. Die NS-invloed lyk nog meer waarskynlik wanneer in gedagte gehou word dat die /ə/-foneem in NS ontbreek.

- 3.4.1.2 Die bepaalde lidwoord word dikwels gebruik waar dit nie in AB-Afrikaans voorkom nie. Vgl.
Ons het gaploe mit die donkie en die os. (met donkies en osse)

1. Ek dank hierdie inligting aan prof. L.J. Louwrens

Die djongkêrels wat dar in die dorp gagan het, dan leer helle nou die kitar speel. (Die jonkêrels wat dorp toe gegaan het, het leer kitaar speel.)

Ek lees hom nog die Hollans. (Ek lees nog Hollands)

ŉ Mens sou kon redeneer dat as NS-invloed hier werksaam was, die lidwoord huis sou ontbreek. Die gebruik van die bepaalde lidwoord is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat sprekers wat NS met sy sterk kongruensiesisteem goed kan praat, n leemte aanvoel wanneer hulle BA praat. Die word dan geïnterpreteer as prefigale element wat die leemte vul van al die verskillende kongruensiemorfeme soos bv. *le-* en *se-*. (Vgl. die twee NS-sinne in die voetnoot¹⁾.)

3.4.2 MEERVOUDE

3.4.2.1 SOORTNAAMWOORDE

Enkelvoudvorme word algemeen deur die Buyse gebruik waar die ABSpreker meervoude sou gebruik. Vgl.

Hulle het die riem gabrei.

Ons het gaploe mit die donkie en die os.

Die voël wat hier was is die krai en sprenkanvoël.

Hille goi die skoffelpek neer.

Die onderwyser was Blankes mar helle

In NS kom n klasprefiks *di-* voor (wat gelykluidend is met die bepaalde lidwoord *die* in Afrikaans) en wat baie produktief vir meervoudsvorming aangewend word, bv.

se-lepe (byl) : *di-lepe* (byle)

se-bata (ondier) : *di-bata* (ondiere)

se-atla (hand) : *di-atla* (hande)

1. *Lerumo le legolo le hlabo gabotse*
Assegai die grote steek goed. (Die groot assegai steek goed).

- Selepe se segolo se rema gabotse*
Byl die grote kap goed (Die groot byl kap goed).

Dit lyk asof die Afrikaanse lidwoord in BA geherinterpretter is en tans as prefiks voor enkelvoudige naamwoorde aangewend word om meervoud uit te druk - min of meer soos wat dit in baie gevalle in NS gebeur. In 'n sin soos: *Die onderwyser was Blanke* is die -s van *Blanke* waarskynlik gedetermineer deur die voor *onderwyser*.¹⁾

Weinreich (1974:9) verklaar: "There is need for experimental investigation of the possibility that some bilinguals interpret at least part of the linguistic systems as merged rather than coexistent. The purely linguistic evidence so far has not been conclusive." Dit lyk tog asof die Buyse se meervoudmarkering getuenis lewer van so 'n ineenvloeiing van sisteme.

3.4.2.2 MASSANAAMWOORDE

In skerp teenstelling met die gebruik van die ekv. i.p.v. mv. by soort-nwe., is die gebruik van 'n soort-nw. se meervoudsmorfeem om massanaamwoorde te merk. Vgl.:

Baie doen naaldwerke. (naaldwerk)

Helle het grasse gasny, strooie gamak van die dieskoring.

Hy verkoop seikers, tees, koffies, ryse, mele.

Jou vrou moet kook, bêre die kosse, dan moet sy weer die kos daar sit.

Die meeste had mar net die rou koffies gakop en die gabak.

Soms word die massanaamwoord gemerk met *die* soos die soortnw.

Vgl. *Ek mak nog die bier. (Ek maak nog bier).* Soms word 'n

'meervoudswaarde' toegeken soos in *die rou koffies*.

Die onstabilitate van mv.-markering in BA spreek egter duidelik in die gebruik van *die kosse* x *die kos*.

Wanneer die mv.-markering in BA onder die loep geneem word, lyk

1. Kruger (op.cit. :84) wys daarop dat sodra 'n Afrikaanse woord aan NS ontleen word, dit morfologies aangepas word deur 'n klasprefiks daarby te gebruik. (Die Buyse se gebruik van *die* sou dus kon dui op herontlening.)

dit asof daar twee strategieë naas mekaar bestaan, nl. mv.-markering deur *e* en *s* teenoor markering deur *die*. Die oorwegende gebruik van *die* vir soortnaamwoorde laat die weg oop om die soortnaamwoordmerkers te gebruik vir die kategorie massa-naamwoord.

3.4.2.3 SIMPLIFIKASIERËLS

Die onstabiliteit in die mv.-markering het waarskynlik geleid tot die volgende simplifikasiereëls wat optree by mv. gebruik.

- (a) Waar twee substantiewe wat betrekking op dieselfde saak het, mekaar opvolg, word net die eerste van die twee t.o.v. meervoud gemerk. Vgl.:

Ek ken julle nam almal. (julle name)

*Die lande wat gereis het, hille los hom net so.*¹⁾ (Die lande wat gruis het, los hulle net so.)
- (b) 'n Telwoord wat mv. uitdruk, word gevvolg deur 'n ekv. substantief. Vgl.:

Dare klomp mens hier wat

Baie mens het op die grond gaslap.

Die mv. word in hierdie gevalle dus nie morfologies uitgedruk nie, maar sintakties.

3.4.2.4 Wat belangrik is, is dat die meervoudsmarkering in BA verskuif van die post-nominale posisie (Vgl. Afrikaans *-s*, *-e* ens.) na die pre-nominale posisie deur die gebruik van *die*, *julle*, *klomp*, *baie* ens. In Sotho word meervoudigheid pre-nominaal gemerk en nie 'n post-nominaal nie. Dit kan dus net na analogie van Sotho wees dat die meervoudsvormingstrategie in BA ontwikkel het.

1. Sotho sou presies in *hom* se plek weer 'n kongruensiemorfeem gebruik het wat skakel met die naamwoord *lande*.

3.4.3 VOORNAAMWOORDE

3.4.3.1 Geslagsonderskeiding d.m.v. die pers. vnv. val in BA by die meeste sprekers weg. Die manlike vorm word vir albei geslagte by die derde persoon enkelvoud gebruik. Dit stem ooreen met NS waar die kongruensiemerker vir manlik en vroulik dieselfde is.

3.4.3.2 DIE AANDUIDENDE VNV. DIT

Die vorme *hy/hom* en ook *die* geniet voorrang bo *dit* in die taal van die ou mense. Vgl.:

My ma het die so lekker gamak.

Hille goi biekie watter by en dan sommar hallef ier dan kok hy
(*hy* = suurdeeg)

Hille bak hom by die miershoop (*hom* = brood)

Hoewel *dit* wat in plek van die Ndl. *het* gekom het, in die tweede helfte van die 18de eeu geweldig uitgebrei het ten koste van *hij*, *die* en *ze* (Scholtz 1963:132), was die proses nog nie afgeloop aan die begin van die 19de eeu toe Coenraad de Buys die Kaapkolonie verlaat het nie. Daar was dus waarskynlik 'n inherente onbestendigheid in die taal van hulle stamvader wat die gebruik van *hy*, *hom* en *die* as aanduidende vnv. by die Buyse verklaar. In sinne soos:

Ek lees hom nog die Hollans

Ek mak hom nog die bier

het Sotho se kongruensiesisteem egter ook 'n invloed uitgeoefen.

3.4.3.3 DIE BESITLIKE VNV.

Die se-konstruksie is skaars in die taal van die Buyse en wanneer dit voorkom word dit dikwels nie volgens die Standaardtaalpatroon gebruik nie. Vgl.

Onse kinners het stannert ses by die skol gamak.

Hille kom met hille se kinners.

Onse word ongenasaleerd uitgespreek. Dis onmoontlik om te bepaal

of dit uit 'n soortgelyke konstruksie as *hille se kinners* ontwikkel het, of dit 'n oorblyfsel van die ou Ndl. pregnante vorm is, en of die vorm onder NS-invloed ontstaan het. Dit is egter insigwend om te sien wat Kruger (Op. cit.: 103) sê omtrent die transsistematisasie van *ons* in NS. Hy wys daarop dat 'n vokaal by Afrikaanse eenlettergrepige woorde se auslaut gevoeg word en dat 'n nasaal sillabies kan word, bv. Afrikaans se *ons* > onse /õnsə/ in NS.

Die s'n-konstruksie is nooit by enige spreker gehoor nie. Vgl. die volgende sin waar *se* en *s'n* sou kon voorkom volgens die ABSisteem.

Net die oudste, die ore is nie reg nie, mar is nog beter as ons.

Buyse van alle ouderdomme gee voorkeur aan die *van*-konstruksie om besit uit te druk. Vgl.

Die ouvrouens van onse oumagrootjies

Die baas van haar

Die knie van my

Vgl. lg. konstruksie in NS waar die besitlike skakelwoord die teenhanger *van* in Afrikaans het.

Letôlô la ka

Knie van my

Die gebruik van 'n besitlike vnv. om die genitiefshouding uit te druk, was volgens Scholtz (1963:109) teen 1750 reeds oorheersend in die Kaapse taal, en die gebruik van *zijn* was ook al teen 1775 sterk uitgebrei. Hierdie vorme moes dus al voorgekom het in die taal van die Buyse se voorvader Coenraad de Buys. Dit lyk dus asof die voorkeur wat hulle vir die *van*-konstruksie toon, sy oorsprong het in Bantoe-invloed.

3.4.3.4. Die Wederkerende vnv. staan sterk onder die invloed van NS. Woorde soos *inmeng* en *bekommer* word deurgaans sonder die refleksief gebruik, terwyl *wwe.* wat in Afrikaans sonder refleksief gebruik word, wel 'n refleksief kry soos in NS.

Vgl. par. 3.2.3. vir die Sotho-voorbeelde van:

Toe bly ek mar vir my stel.

Jy voel jou ongalukkag.

Ek sit vir my dar.

3.4.3.5 Die betreklike vvw. word onder *woordorde* bespreek.

3.4.4 VOORSETSELS

Dit lyk asof die Buyse se gebruik of wegglating van voorsetsels sterk onder invloed van NS staan.

3.4.4.1 VOORSETSELWEGGLATING

By die gebruik van *plekname* in NS ontbreek die lokaliteitsmerker. Vgl.:

- (a) *Ke ya toropong (-ng* is die lokaliteitsmerker)
Ek gaan dorp toe

- (b) *Ke ya Polokwane* (sonder lokaliteitsmerker)
Ek gaan Pieterburg

By die Buyse word die voorsetsel voor 'n pleknaam meestal weggelaat.

Vgl.: *Toe ons tevore Loskop gaby het...*

Toe trek helle Pietersberg... (Pietersburg)

As ek kom Pertoria... (Pretoria)

Party gan Pertoria hospital.

3.4.4.2 Voorsetselgebruik is dikwels toe te skryf aan frase wat in die NS-idioom gebruik word. Vgl. die voorbeeld wat onder par. 3.2.3 bespreek is.

Dit is moontlik dat die voorsetselgebruik in die volgende sinne na analogie van Noord-Sotho se kongruensiesisteem gevorm is:

Ek was in die invloed van drank.

Hy klim op die boom op.

ŉ Mens begin wonder of die herhaling van voorsetsels in BA nie ook 'n oorsprong in die NS-kongruensiesisteem het nie. Vgl.:

Hy 't ingasink in die ravier in.

Ek het eers die piksteel eitgagryp eit sy hand eit.

3.4.5 ONTKENNING

Die ontkenningspartikel word nie in Noord-Sotho gedupliseer soos in Afrikaans nie. Die dubbele negatief ontbreek feitlik totaal by die ou mense. Vgl.:

Jy sal dit nie mak.

Dit sal nie help ek is bang.

Die gebrek aan die tweede *nie* van die ontkenning kan nie net voor die deur van NS-invloed gelê word nie. In Afrikaans was daar aan die begin van hierdie eeu nog nie vastigheid verkry oor die gebruik van die dubbele of enkele ontkenningsvorm nie. Die taal van Coenraad de Buys sou waarskynlik die enkele ontkenningsvorm gedra het. Dit sou versterk word deur die Hollandse skoolonderrig van Hofmeyr en die invloed van Bantoetale. Dat die dubbele ontkenningsvorm meer by die jonger Buyse gehoor word, is waarskynlik toe te skryf aan die skool en radio.

3.4.6 HERHALINGSKONSTRUKSIES

3.4.6.1 Herhalings is algemeen in AB-Afrikaans. Afgesien van voorsetsels en ontkenningspartikels staan herhalings gewoonlik langs mekaar of is dit geskei deur 'n verbindingswoord, bv. *siek - siek, groter en groter*.

3.4.6.2 HERHALING VAN DIE SUBJEK

Daar is reeds gewys op die neiging tot herhaling van voorsetsels by die Buyse. Daar is egter 'n herhaling van die subiek wat veel meer opval en wat 'n duidelike replika is van die NS-kongruensies-sisteem. Vgl.

Hille die ou mense, nee hille self, hille het nie iemand gehad. Net helle, die ou vrouens van onse aumagrootjies, helle het die babas ontvang.

Sien, eers lankal die meisies helle het mos eers getrou met 'n wetman.

3.4.6.3 HERHALING VAN WERKWOORDE

Van der Merwe (1972:130) verklaar t.o.v. verbale reduplikasie dat die verbale reduplikasievorm gewoonlik verander tot 'n adverbiale vorm. Verdubbeling van die werkwoordstam word in NS gebruik om onderbroke handeling aan te dui¹⁾. Vgl. die volgende sinne uit 'n gesprek met een persoon.

Toe ek nog daar set, set, set, toe kom sy. (set = sit)

Dar gaset, set, set, toe kom sy weer.

Toe skel sy, toe skel sy, toe skel sy.

3.4.6.4 Die herhaling van bywoorde stem ooreen met die in die NS-sin.

Vgl.:

(i) BA: *Dar is plek dar war die watter dar eitkom.*

NS: *Go (= daar) na le felo (= plek) mo (= daar)
meetse (= water) a tswago gona (= daar)*

AB: *Daar is 'n plek waar die water uitkom.*

(ii) BA: *Hier onner hier dar is nog gatte van die ou mense as
helle gan djag die blesbok dar.*

NS: *Mo (= hier) tlase mo (= hier) go (= daar) sa na le
mereo ya bagologolo ya ge ba yo tsoma dinone moo (= daar).*

3.4.7 WOORDORDE

Die woordorde in BA toon beslis tekens van Sotho-invloed.

3.4.7.1 DIE GENITIEFSKONSTRUKSIE

By die bespreking van die besitlike vnv. (3.4.3.3) is daarop gewys

1. (a) Zervogel (1979:31) verklaar dat die reduplikasie van wwe. in Noord-Sotho aandui (i) "that an action is diminished, that is, it is carried out 'a little' or 'somewhat.'" of (ii) dat 'n handeling onderbroke plaasvind, d.w.s. met tussenposes.
- (b) Volgens Van Eeden (1956:705) dui die "reduplikasie van die verbumstam" in Zulu aan dat die handeling "herhaal en/of geïntensifieer word."

dat BA nie die AB-patroon volg nie, maar die patroon waarin die van-konstruksie gevvolg word soos in NS. Dit is die konstruksie met die volgorde:

besitting + besitter.

3.4.7.2 VOORNAAMWOORDELIKE ONDERWERPE

Die onderwerp in Sotho toon altyd kongruensie met die werkwoord d.m.v. 'n kongruensiemorfeem wat algemeen as die *onderwerpskakel* bekend staan. Hierdie onderwerpskakel staan vóór die ww. Vgl.:

(i) Mošemane o bjala merogo serapeng
 Onderwerp + onderw. + ww. + voorwerp + byw. bep.
 Die seun skakel hy saai groente in die tuin

(ii) Bašemane ba bjala merogo serapeng
 Die seuns hulle saai groente in die tuin

Omdat die Sotho-onderwerpskakel met die onderwerpsnaamwoord kongruueer, d.w.s. met die onderwerpsnaamwoord ko-refereer, kan die onderwerpskakel met 'n vvw. in Afrikaans vergelyk word. Vgl. die volgende sinne uit BA. Die tweede voornaamwoord wat ooreenstem met 'n onderwerpskakel in NS, staan elke keer soos in NS vóór die ww. In hierdie sinne is 'n sintaktiese „ongewoonheid“ wat deur die konstruksie in Sotho beïnvloed is omdat die reëls vir vooropplasing (fokussering) nie in Afrikaans daarmee klop nie.¹⁾ Vgl.:

In my tein ek plant groente.

As sy eenmal weg is, sy veranner nie.

As ek vet het ek kop soda en mak hom.

As Mevrou my die Hollanse boek kan gee, ek lees hom.

3.4.7.3 DIE BETREKLIKE VNW.

Sotho het twee betreklike morfeme, nl. een wat op die hoofnaamwoord volg, en een wat as agtervoegsel aan die ww. gelas word.

1. Soos uiteengesit deur F.A. Ponelis (1979:543) in sy bespreking van fokuskonstruksies.

Vgl.:

Monna yo a sepelago
 onderwerp + betr.morf. + onderw. + ww. -stam + betr. morf.
 skakel

(= Die man wat loop ...)

Die eerste betreklike morfeem is eintlik niks anders as 'n aanwysende voornaamwoord nie. Dit blyk uit die volgende uiteen-setting:

monna yo
 die man hierdie

dikgomo tše
 die beeste hierdie

Dikgomo tše di fulago
 onderw. + betr.morf. + onderw. + ww + betr. morf.
 skakel

(= Die beeste wat wei)

Vgl. nou die volgende sinne in BA.

Ons het darrie seen wat ons by hom teis was.

Dars nie meer darrie ou lewe wat ek groot geword het.

Dan moet jy by darrie ene gan wat jy dar gastan het.

Dit lyk asof *darrie* (uit die aanwysende voornaamwoord *daardie*) hier as betreklike voornaamwoord op die Sotho-patroon gebruik word.

3.4.7.4 DIE INFINITIEFSKONSTRUKSIE

Hoewel skeibare wwe. se verlede tyd volgens AB-patroon gevorm word in BA, word dieselfde woorde nie geskei wanneer dit in 'n infinitiefskonstruksie staan nie. Dieselfde persoon wat sê:

hulle het ingagoi
sal sê : om te ingoi.

Vgl. die volgende voorbeelde.

Toe vat ek die piksteel om vir Kallie te dodslan.

Toe was die Bantoe op pad van hier om die Beise te dodmak.

Ek gan om te eitspring.

Dieselfde versteuring word gevind by Bantoetaliges wat Afrikaans onvolkome beheers. Die oorsaak lê waarskynlik daarin dat *om te* in NS as klasprefiks een morfeem is wat voor die ww. staan. Vgl.:

Ba emetše go fetsä
 Hulle wag *om te* klaarmaak.

Die weglatting van *te* wat algemeen voorkom, selfs in die taal van die skoliere, is waarskynlik aan dieselfde oorsaak te wyte.

Die infinitiefskonstruksie is deel van die Buys-sisteem wat 'n sosiale indeks is van die mate waarin hulle hulle vereenselwig met die „onvolkome sisteem“ van die Swartes. D.w.s. hulle is nie in 'n groot mate bewus van die verskil tussen hulle Afrikaans en die van die Swartes nie.

3.4.7.5 FOKUSKONSTRUKSIES

Fokuskonstruksies soos die wat vervolgens bespreek word, is volop in BA en ontstaan waarskynlik onder Bantoe-invloed.

3.4.7.5.1 Vgl. die vooropstelling van die tema waar die grammatisiese onderwerp en tema nie saamval nie:

Deiskoring, hille het hier bolangs gasai.

Die vrouens wat hy vat lyk my hille kry ok nie kinners nie.

Dekmelk ons het geëet.

3.4.7.5.2 Vooropstelling van die bywoordelike bepaling soos in die volgende sinne, is baie algemeen.

By die skol ons prat Afferkans.

By my ek het twee kinners.

Toe latter die en sê, nee ek het

Darrie tyd ek was nog baja klein.

3.4.7.5.3 Omdat die Bantoetale so 'n goed ontwikkelde kongruensiesisteem het waardeur alle sintaktiese relasies tussen 'n naamwoord en enige ander woord wat met die naamwoord in 'n sintaktiese verband tree, gemerk

word,¹⁾ is woordorde nie so onbuigsaam soos in Afrikaans wat nie 'n kongruensiesisteem het nie en waar sinsposisie gewoonlik onderwerp en voorwerp merk. Hierdie vryer volgorde is soos aangetoon, duidelik merkbaar in BA.

3.5 SLOT

In die inleiding is reeds daarop gewys dat in die studie gekonsentreer is op die taal van mense bo sewentig jaar omdat hulle die langste onder die invloed van die Bantoe tale was en minder onderhewig was aan die invloed van die skool en moderne kommunikasiemiddelle wat neig tot dialeknivellering. Hierdie mense se taal is nog steeds baie onstabiel. 'n Persoon het dikwels meer as een vorm in sy sisteem en sal dit selfs in dieselfde sin aanwend. Vgl. bv. die vorme:

[vəntər] x [vəntər]

[həlɛf] x [həlɛfə]

Hoewel die /ə/-foneem dikwels by die ou mense ontbreek, is die vorme [vəntər] en [həlɛfə] tog by dieselfde mense gehoor. Dit is moeilik om te bepaal of 'n mens hier te make het met die laaste oorblyfsels van die AB-vorm of 'n terugkeer daarheen as gevolg van die invloed van skoolgaande kinders en moderne kommunikasiemiddelle. 'n Steekproef van jonger mense se taal het nie huis die probleem opgelos nie.

Dat die wisseling van een vorm tot 'n ander nie op dieselfde tyd by alle sprekers voltrek word nie, blyk uit die volgende vergelyking van die gebruiksfrekwensie van *ga-* i.p.v. *ge-* by twee verskillende ouderdomsgroepe.

70 - 87 jaar : Louis (82) : 75%
Harriët (71): 71%

40 - 50 jaar: Ben (50) : 81%
Johanna (44): 55%

1. Vgl. Van Wyk,E.B. (1966:6-8) vir die kongruensiesisteem in NS.

As Weinreich (1975:25) reg is in sy veronderstelling dat die taal wat invloed uitoefen op 'n ander taal slegs 'n proses verhaas wat in elke geval vroeër of later sou plaasvind, dan wys BA in watter rigting Afrikaans sou ontwikkel het as taalverandering nie aan bande gelê is deur die skool en moderne kommunikasiemiddelle nie, en as Afrikaanstaliges hulle nie so streng van sosiale kontak met Bantoetaliges weerhou het nie.

HOOFTUK 4

TAALVERSKYNSELS WAT NIE AAN BANTOE – INVLOED
TOEGESKRYF KAN WORD NIE

- 4.1 Klinkerverlaging
- 4.2 Elisie
- 4.3 Klanktoevoeging
- 4.4 Metatesis
- 4.5 Die verledetydsvorm
- 4.6 Die gebruik van *wees*
- 4.7 Voegwoordweglating
- 4.8 Die gebruik van *daardie*
- 4.9 Die gebruik van *soos*
- 4.10 Sjibbolels
- 4.11 Ander eienaardige woordgebruiken
- 4.12 Argateese vorme

**TAALVERSKYNSELS WAT NIE AAN BANTOE-INVLOED TOEGESKRYF
KAN WORD NIE**

Die taalverskynsels wat vervolgens bespreek word, kan nie aan Bantoe-invloed toegeskryf word nie.

4.1 KLINKERVERLAGING

$\epsilon/e \rightarrow \alpha$

/het/ > /hæt/, /ne/ > /næ/, /fet/ > /fæt/, /se/ > /sæ/, /ɛk/ > /æk/

Hierdie wisseling wat algemeen in Transvaal voorkom, word by die oudste Buyse ook aangetref.

4.2 ELISIE

Die voorkoms van apokope is reeds in 'n vorige hoofstuk bespreek.

Die gewone vorme van sinkope wat onder ongeletterdes elders voorkom, word ook hier aangetref. Vgl. *gorment* (goewermann), *verskilike* (verskriklike), *sitfikat* (sertifikaat), *daarie/darrie* (daardie).

4.3 KLANKTOEVOEGING

4.3.1 Die in- of agtervoeging van *t* is baie algemeen. Vgl. *onderster*, *liewerster*, *tyte*, *gelerentheid*, *gevoelentheid*, *Duitster* en *kint* (kan).

4.3.2 *Banja* word naas *baja* i.p.v. *baie* gebruik.

4.4 METATESIS

Baie algemeen is : *Afferkane* (Afrikaans)
Pertorria (Pretoria)
preske (perske)

4.5 DIE GEBRUIK VAN WEES

Die oudste sprekers is onseker oor die verskillende vorme van wees.

Vgl. : Die wat hoof is, moet weer benekant is.

As jy Hollans lees, jy moet jou gedagte laat reg is.

Hierie man gewas sam die Rhodesiërs.(was saam met die Rhodesiërs gewees)

Sy skel my elke dag as sy net naby ken es.(as sy net naby kan wees)¹⁾

4.7 WEGLATING VAN DIE VOEGWOORD EN

Hierdie verskynsel is by alle ouderdomsgroep gevind. Vgl.:

Dar es die stoel, taffeltjie, koi. (Koi = Kooi)

Ons het troppe beeste bokke.

My oupa, my pa, my ma, hille verstan nie

4.8 Die gebruik van die aanwysende vnv. daardie val op. Vgl.:

Dan word darrie gadop. (gadop = gedoop)

Ons het darrie gaspeel.

Ek moet mos nou tjommies rak met darie. (daardie mense)

Nee daaie prat net nonsens. (Daardie mense praat net nonsens.)

4.9 Die gebruik van soos i.p.v. as of toe is baie prominent. Vgl.:

Soos hy darrie vaal baadjie an het ... (as hy dronk is)

Soos ek kom, ek wet nie wat het dar angagat nie. (Toe ek kom...)

Soos darie kjierie or my kop gagan het vandag dominie sou

hier gasit het, miskien ris my siel kom sing het. (As daardie kierie my kop getref het ...)

4.10 Die gebruik van ja, en tot 'n mindere mate sommer, as sjibbolels

1. Is gebruik deur 'n middeljarige Buys.

Ja kom gewoonlik by sinsanlaut of -auslaut voor. Soms kom dit in beide posisies voor. Vgl.:

Ja djuffrou, wat die Jere die man het samgavat.

Ja, nou as jy nie getroud is nie, dan het jy 'n valkind.

Jy sal dit nie kan mak, ja.

Ons het beurtgasing in die kerk, ja.

Ja, sos die Jere sê, jou liggam is 'n tempel, ja.

Sommar een wek is ganog.

Hy't sommar gan slap, toe gan hy sommar weg. (weg = dood)

Nou hier es sommar par van helle.

4.11 ANDER EIENAARDIGE WOORDGEBRUIKE

4.11.1 Die gebruik van *loop*

Ek het skool galoop.

Die ou mense het kerk galop.

Die ene loop sekar negentag.

4.11.2 Die gebruik van *eet*:

Nagmaal eet

dikmelk eet

4.11.3 Die gebruik van *bed*

Bed word gebruik vir die meubelstuk as daar geen beddegoed op is nie. Vir 'n opgemaakte bed word die argateese term *kooi* (dikwels uitgespreek as *koi*) gebruik.

4.11.4 Terme wat verband hou met die huwelik is reeds in hoofstuk 3 bespreek.

Die volgende segswyses is ook tipies van BA:

'n Geëggde man/vrou ('n getrouwe man/vrou)

'n Valkind (soms ook genoem 'n "ongeëggde kind") verwys na 'n buite-egtelike kind.

Die ou vrouens het die babas ontvang.

4.11.5 *Wanneer as die gebeur.* (Wanneer/as dit gebeur)

4.11.6 *Idiome:*

Die val baadjie aanhe. (dronk wees)

Swaar hiers die kreis. (ek sweer by die kruis)

4.12 ARGAIÈSE VORME

Die volgende argaiëse vorme is opgeteken:

het gehet

die brood word heelgaar (goed gaar)

maak die huis aan een kant (of: *maak die huis voorkant*)

die bakleislag (geveg)

alman (almal)

Kaller (kalwers)

beest (wilde dier)

ken (kan)

sul/sel (sal)

sukke (sulke)

plaas < *plaats* (plek)

Deiskoring, Deitskoring en broodskoring is ou genitiefvorme.

vandaag, dage

die ander dag (volgende dag) Sommige sprekers gebruik ook

die ander dag in die sin van eendag.

Hulle het ons nie uitgelê nie (aan ons verduidelik nie)

nu en dan

'n dam gooi ('n damwal bou)

gaat (gaan)

heden vandag

viertag (veertag)

halfte (helfte)

Jy's 'n kind jy't gister gekom.

Ons het nie bietjie gelag.

Hy het haar omgekrap. (swanger gemaak)

As jy nog anderdag wil getrou word.

Ek sê dit hom.

HOOFTUK 5

DIE TOEKOMS VAN BUYS – AFRIKAANS

- 5.1 Die invloed van die skool**
- 5.2 Kontak met Standaardtaal buite Mara**
- 5.3 Stylwisseling**
- 5.4 Die invloed van Engels**
- 5.5 Slot**

DIE TOEKOMS VAN BUYS-AFRIKAANS

In hierdie hoofstuk word gekyk in hoe 'n mate die lot wat meeste dialekte tref, nl. 'n gelykmaking met die Standaardtaal, ook in BA werkzaam is.

5.1 DIE INVLOED VAN DIE SKOOL

Mnr. Rispel, die skoolhoof van die Buyse se skool, is tans 'n student in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Suid-Afrika. Hy het goedgunstig 'n paar opstelletjies van standerd drie, vier, vyf en ses aan my gestuur om na te sien.

5.1.1 Kenmerke van Buys-Afrikaans wat deur die ouer geslag gepraat word, kom tot in standerd ses by die meeste leerlinge voor.
Vgl.:

5.1.1.1 /ə/ > /ɛ/

Ons woon *en* Venda
Daar is ook *welde* diere *en* Buysdorp.

5.1.1.2 Verkorte vokaal

gran (graan)
karte (kaarte)
spelling (speling)
vandan (vandaan)
dar (daar)

5.1.1.3 Ontronding

lyster (luister)
Johannesberg

5.1.1.4 Vokaalweglating

groent (groente)
Hier teenoor is daar verbuigings van die byvoeglike naamwoord wat moontlik dui op hiperkorreksies. Vgl.:
Kan heerlike ontspan
is pragtige

5.1.1.5 Lidwoordweglating

Daar is ook saal.

Die plante gee Buysdorp mooi geur.

Ek hou van plaaslewe.

5.1.1.6 Die meervoud

5.1.1.6.1 Meervoudmarkering deur die bepaalde lidwoord:

By ons winkel die goeder is baie.

Buysdorp is met die berg omring.

In Mens sien meer as die kinder in stede. (Die moontlikheid bestaan dat ons hier met in argaïese vorm te doen het.)

Soms word die mv. glad nie gemerk nie:

Op ons skool daar is lemon, appel, druwe.

Daar word veselperske verkoop.

5.1.1.6.2 Die eerste van twee substantiewe dui mv. aan:

Deesdae word al meer grond aan beeste (en) bok afgestaan.

Aapsoorte en bobbejaan (word) aangetref.

5.1.1.6.3 Die telwoord druk meervoud uit:

Daar word baie ding gedoen.

Die mense boer met baie soord ding.

5.1.1.7 Die besitlike vnv.

Die gebruik van die *se-vorm* volg dieselfde patroon as by ouer sprekers:

Dan gan help ons onse ouers

ons se skool

ons se eie goede

Vgl. ook: Die plaas se lewe verskil van die stad se lewe

5.1.1.8 Foutiewe voorsetselgebruik

Foutiewe voorsetselgebruik wat in mens nie by moedertaalsprekers sou verwag nie, kom voor. Vgl.:

Buysdorp is geleë deur Venda.

Buysdorp is paradys van lewende wesens.

Ander mens koop van jou 'n hoender af.

Hulle verkoop dit vir die mense wat kom koop.

Mense sal verbaas wees aan die verandering.

5.1.1.9 Te-weglating

Die mense boer met mielies en koring om vir hulle geld bymekaar kan sit.
om geld maak.

5.1.1.10 In vyftig persent van die ontkennings het die tweede nie ontbreek.

5.1.1.11 Woordorde

5.1.1.11.1 Voornaamwoord-herhaling

Ons hier in Buysdorp het ons 'n probleem.

Mnr. Rispel skryf in 'n brief wat die opstelletjies vergesel het, dat dit glad nie ongewoon is dat 'n st. VI-leerling 'n sin gebruik soos:

Meneer, my pa hy vra.

5.1.1.11.2 Bywoordherhaling

Daar is ook welde vrugte daar.

5.1.2 Daar is egter ook van die opstelletjies wat gekenmerk is deur die gebruik van Standaard-Afrikaans en wat toon dat die skool en moontlik ook moderne kommunikasiemiddelle reeds besig is om die Buyse se taal te vervorm tot Standaard-Afrikaans. Vgl. die volgende opstelletjie. Dis geskryf deur Jan Saal wat in st. VI is.

DIE TOEKOMS VAN BUYSDORP

Buysdorp is geleë in die Noordelike van Transvaal. Dit strek oor 'n gebied van baie vierkante kilometers. Dis 'n dun bevolkte kontrei.

Die meeste mense kan gou ryk word as daar net goud of ander erts ontdek of die bome uitgekap en landbou beoefen word, want die grond is vrugbaar en groente kan op groot skaal gekweek word. Dit kan maklik in 'n pragtige dorpie omskep word as almal net wil vorentoe gaan. Almal kan vernuf bewys deur groente te plant en dit na die omliggende markte stuur en daar kan terselfder tyd werkers kry wat Buysdorp 'n internasionale werkplek sal maak.

Daar kan meer winkels opgerig word en Buysdorp kan sy eie korporasie bou. Dit kan ook omskep word na 'n pragtige vakansieoord en op warm dae kan mense langs die swembad gaan sit en afkoel.

5.2 KONTAK MET STANDAARDTAAL BUISTE MARA

Wanneer die kinders standerd ses voltooi het, moet die meeste van die wat nie verder gaan studeer nie, noordgedwonge 'n heenkome in die stede of dorpe gaan soek. As 'n mens in ag neem dat hulle kontak met die buite wêreld noodwendig hulle taal sal beïnvloed en dat die invloed sal deurwerk na die taal wat op Mara gepraat word, lyk dit nie asof die verskille wat tans tussen BA en Standaard-Afrikaans bestaan, lank gehandhaaf sal word nie. Vgl. die volgende uittreksel uit 'n gesprek met 'n middeljarige Buys. Hy het op Mara skoolgegaan en daarna vir tien jaar in Pretoria gaan werk. Die gesprek is met 'n versteekte bandopnemer opgeneem.

Ek hoor die deur gaan oop en die deur klap toe. Ek dink toe maar: Nee, hy's miskien toilet toe. Mar ek lê maar en leister, maar niemand kom trig nie.

Ek dink naderhand: Lat ek opstaan en gaan kyk. Ek gaan kyk op sy kooi. Toe's hy nie daar nie. Toe's hy weg. Ek het daar rondgesoek in die toilet, by die beeskraal gaan kyk, na my ma toe gegaan in die nag, maar hy's nie daar nie. Toe kom ek trig.

Toe vra ek sy ma: Maar weet jy nie waarnatoe kan hy gegaan het?

Toe sê sy: „Man hy't gedurende die dag gepraat van Louis Trigardt toe gaan.”

Die enigste Buys - Afrikaanse kenmerk in die uittreksel is die gebruik van *kooi* i.p.v. *bed*.

5.3 STYLWISSELING

Terwyl die ou mense nog onbevange dialeksprekers is wat nie bewus is van taalnorme buiten hulle eie nie, is dit duidelik dat jong mense en selfs middeljariges wat nog hulle lewe lank op Mara woon, neig om Standaardtaalvorme te gebruik wanneer hulle taal op band geneem word of as hulle met iemand praat wat vir hulle van 'n hoër prestigegroep as hulle eie is. Vgl. die volgende twee aanhalings. In die eerste het die vyf-en-veertigjarige vrou pas met haar man en 'n derde persoon van 'n hoër prestigegroep begin praat. In die tweede aanhaling is sy kwaad vir haar man. Sy het vir 'n oomblik vergeet van die teenwoordigheid van die derde persoon en gebruik BA.

- 5.3.1 *Dis Maandagoggend. Die rent, hoekom het jy nie die rent betaal nie. Wat was sy antwoord? Lat hy dit self eitspreek.*

Toe ons nou langs daai klein heisie kom, toe haal hy twintag rand eit. Toe sê hy: „Johanna hiersie vaste twintag rand. Gaan betaal en gee vir my trig eendag."

- 5.3.2 *War is djy. War is djy die heeldag as djy nie in die dag mit my baklei nie.*

Nou stre¹⁾ he nou weer net. Wat me nou net kwad mak, want he stre nou net die deng, want ek is toe lenaar. (Nou stry hy nou weer net. Wat my nou net kwaad maak, want hy stry nou net die ding, want ek is toe leuenaar.)

5.4 DIE INVLOED VAN ENGELS

Die invloed van Engels op die taal van die Buyse wat buite die grense

-
1. *Die /e/ in stre, he, me is geartikuleer in 'n posisie tussen /ə/ en /ɛ/ van Standaardtaal.*

van Mara beweeg, sal waar skynlik deurwerk na die gemeenskap op Mara. Terwyl Engelse woorde uiters selde by die oudste sprekers gehoor word, is daar 'n voorkeur vir Engelse naamgewing by die jongeres en word Engelse woorde ook meer by hulle gehoor.

5.5 SLOT

Hoewel die beskikbare getuienis wys dat BA in die rigting van 'n gelykmakingsproses met Standaard-Afrikaans beweeg, moet in gedagte gehou word dat die Buyse steeds in 'n baie afgesonderde deel van die land leef en dat diemense met wie hulle die meeste kontak het, Bantoetaliges is. Dit is dus onmoontlik om te voorspel of die reeds genoemde middele in staat sal wees om Bantoe-invloed totaal uit te skakel.

BYLAE

Die tipiese dialekvorme wat in die Afrikaanse Taalatlas genoem word, kom ook by die Buyse voor. Vgl. die volgende voorbeelde:¹⁾

bobbejan (bobbejaan)
Knapsakkérel (Knapsekérel)
maraggo (misbredie)
diuweltjie/deiweltjie (duuweltjie)
mele/koffiemeel (koffiemeul)
deisendpoot (duisendpoot)
tollietjie (tolletjie)
Wenakker (dwarsakker)
kopakker (dwarsakker)
oë/oge (oë)
misreën (motreën)
onkryt (onkruid)
vye (ekv. van vy)
appeliefie (wilde appelliepie)
tinktinkie (lewewerik)
Piet Kokkewiet (kokkewiet)
wagterseny (n dik sny brood)
hoi-hoi (by aankeer van trekdiere)
tru-tru (wanneer trekdiere moet terugstaan)
hookaai/hanau (wanneer trekdiere moet stilhou)
aphaai (wanneer trekdiere aangejaag word)
koeksisters
nooi (vir geliefde)
stinkolieblaar (stinkblaar)
*elm*²⁾ (elmbogbeentjie)
seikerbekkie (suikerbekkie)

1. Die woorde tussen hakies is die titels van die ATA-kaarte.
2. Nie elders aangeteken nie.

waterhondjie (waterhondjie)
likkewanel (skurfte)
likkewanoet (skurwe hakskene)
geitjie (klipsalmander)
trapsoetjie (verkleurmanketjie)
skandekwaad (smoorkwaad)
springmielies (kiepiemielies)
enklik (eintlik)
soentoe (soontoe)
smoorverlief
nastergal
sperske(s) (perske(s))
trantaal (tarentaal)
dop (brandewyn)
slorrig (slordig)
borriepatat (wurgpatat)
toktokkie
*patatreën*¹⁾ (landsreën)

1. Is nie in ander dialekstreke opgeteken nie.

BRONNELYS

1. Bernstein, B. 1971. *Class codes and control*. Vol. 1. London: Rautledge & Kegan Paul.
2. Bernstein, B. 1973. *Social relationships and language*. Buckinghamshire: The Open University Press.
3. Beyers, C. 1967. *Die Kaapse Patriotte*. Pretoria: Van Schaik.
4. Botha, C. 1939. *Die Kaapse Hugenote*. Kaapstad: Nasionale Pers.
5. Brandis, W. & Henderson, D. 1970. *Social class, language and communication*. London: Rautledge & Kegan Paul.
6. Burling, R. 1970. *Man's many voices*. New York: Holt, Reinhart & Winston.
7. Butlers, R. 1967. *Linguistic deviance and linguistic competence*. Iowa: University of Iowa.
8. Coetzee, Abel. 1951. *Taalgeografiese studies 1*. Johannesburg: Impala Opvoedkundige Diens.
9. Cook-Gumperz, J. 1973. *Social control and socialization*. London: Rautledge & Kegan Paul.
10. De Villiers, G.G. 1966. *Geslagsregisters van ou Kaapse families*. Vol. 1. Kaapstad: Balkema.
11. De Villiers, Meyer. 1973. *Afrikaanse klankleer*. Kaapstad: Balkema.
12. Dressler, W. 1971. *Some constraints of phonological change*. In *Papers from the seventh regional meeting, Chicago Linguistic Society*. 304-349 (1971) Chicago: Chicago Linguistic Society.
13. Fishman, J.A. (Ed.) 1971. *Advances in Sociology of Language*. Vol 1. Paris: Mauton.

14. Givon, T. 1971. *On the verbal origin of the Bantu verb suffixes*. In *Studies in African Linguistics* 145-162 (1971). Chicago: Chicago Linguistic Society.
15. Goossens, J. 1972. *Inleiding tot de Nederlandsche Dialectologie*. Tongeren: George Michiels.
16. Greenberg, J.H. 1966. *Universals of change*. Cambridge: The M.I.T. Press.
17. Grobbelaar, J.C. 1968. *Nuwe Junior Sepedi*. Pretoria: Voortrekker Pers.
18. Heeroma, K.H. 1935. *Hollandse Dialekstudies*. Groningen: J.B. Wolters.
19. Hesse, J.A. 1971. *Die herkoms van die Afrikaner 1657-1867*. Kaapstad: Balkema.
20. Hofmeyr, S. 1890. *Twintig Jarem in Zoutpansberg*. Kaapstad: Argus Uitgewers.
21. Kruger, W.J. 1965. *Leenwoorde van Afrikaanse oorsprong in Noord-Sotho*. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
22. Labov, W. 1970. *The Study of Nonstandard English*. Illinois: National Council of Teachers of English.
23. Labov, W. 1972. *Language in the Inner City*. Philadelphia: University of Philadelphia Press.
24. Labov, W. 1978. *Sociolinguistic patterns*. Philadelphia: University of Philadelphia Press.
25. Lee, S.J. 1972. *Die Pietersburg Konsentrasiekamp*. Pietersburg: Pietersburg se Skakelkomitee.
26. Lehman, W.P. & Makiel, Y. 1968. *Directions for historical linguistics*. London: University of Texas Press.

27. Lichtenstein, Henry. 1928. *Travels in South Africa*. Kaapstad: The Van Riebeeck Society.
28. Lindberg, E. et al. 1965. *Dietse Studies*. Kaapstad: Academica.
29. Lombard, J.A. 1977. *Die geskiedenis van sendingwerk deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk onder die Buysstam in Noord-Transvaal*. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.
30. Louw, S.A. en Eksteen, L.C. 1975-1978. *Afrikaanse Taalatlas*. Nuwe reeks 1-4. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
31. Louw, S.A. 1959. *Afrikaanse Taalatlas*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
32. Louw, S.A. 1941. *Taalgeografie*. Pretoria: Van Schaik.
33. Louw, S.A. 1948. *Dialekvermenging en taalontwikkeling*. Kaapstad: Balkema.
34. Maree, W.L. 1962. *Lig in Soutpansberg*. Pretoria: N.G.K.-boekhandel.
35. Muller, C.F.J. 1885. *Reisjournaal*. In *De Kerkbode* (Sept. 1885, 268-269).
36. Nienaber, G.S. 1971. *Afrikaans in die vroeë jare*. Johannesburg: Voortrekker Pers.
37. Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse Sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
38. Preller, Gustav, S. 1928. *Sketse en opstelle*. Pretoria. Van Schaik.
39. Rademeyer, J.H. *Kleurling-Afrikaans*. Doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.
40. Schoeman, A.E. 1938. *Coenraad de Buys. The first Transvaler*. Pretoria: De Bussy.

41. Scholtz, J. du P. 1963. *Taalhistoriese Opstelle*. Pretoria: Van Schaik.
42. Scholtz, J. du P. *Afrikaans uit die vroeë tyd*. Kaapstad: Nasou.
43. Theal, G.M. 1919. *History of South Africa from 1795 - 1872*. London: Allen & Unwin.
44. Theal, G.M. 1919. *History of South Africa from 1873 - 1884*. London: Allen & Unwin.
45. Trichardt, Louis. 1836 - 1838. *Dagboek*. Geredigeer deur Gustav Preller (1938). Bloemfontein: Het Volksblad.
46. Van der Merwe, H.J.J.M. et al. 1972. *Afrikaans sy aard en ontwikkeling*. Pretoria: Van Schaik.
47. Van der Walt, A.J.H. et al. 1955. *Geskiedenis van Suid-Afrika*. Deel 1. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
48. Van Eeden, B.I.C. 1956. *Zoeloe-Grammatika*. Stellenbosch: Die Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars.
49. Van Wijk, N. 1929. *Etymologisch Woordenboek der Nederlandse Taal*. 'S Gravenhage: M. Nijhoff.
50. Van Wyk, E.B. 1966. *Die Bantoetale*. Pretoria: Van Schaik.
51. Venter, Al, J. 1974. *Coloured, A profile of two million South Africans*. Kaapstad: Human & Rousseau.
52. Verdam, J. 1932. *Middelnederlandsch Handwoordenboek*. 'S Gravenhage: M. Nijhoff.
53. Walker, Eric A. 1957. *A History of Southern Africa*. London: Spottiswoode & Ballantyne.
54. Weinreich, U. 1974. *Languages in Contact*. Paris: Mauton.
55. Ziervogel, D. et al. 1979. *A Handbook of the Northern Sotho Language*. Pretoria: Van Schaik.